2·85 MATIELAND

TRUSTBANK STEL DIE NOMMER PAS FINANSIËLE PAKKET BEKEND.

AAN U PERSOONLIK.

Om 'n nommer pas finansiële plan vir u op te stel, verg eerstens 'n span knap professionele adviseurs. En tweedens, 'n reeks dienste wat uitgeknip is vir u behoeftes. TrustBank bied beide, en onder die talle dienste wat ons adviseurs op kantoor en tuis met u kan bespreek, is:

Kredietlyne Nie op meganiese formules gebaseer nie, maar by u unieke finansiële behoeftes aangepas. U TrustBank-adviseur sal u kontantvloei- en belastingposisie en die tydperk van terugbetaling wat u die beste pas, in aanmerking neem.

Bruikhuur Dis hier waar TrustBank-kundigheid werklik tel, want bruikhuur hou belasting- en ander voordele in. Geen deposito word vereis nie – derhalwe het u meer van u eie kapitaal vir ander doeleindes beskikbaar.

Huisverbeteringskemas Gebruik hierdie TrustBank-diens om die waarde van u eiendom te verhoog, of u tuiste geriefliker te maak. Verder kan die modernisering van u kombuis of badkamers, die aanbou van 'n vertrek, 'n swembad of uitleg vir u tuin u die ongerief bespaar om te verhuis.

Termynlenings vir vakansiehuise Of u droom 'n huis by die see of 'n bosveldplaas is, 'n TrustBank-pakket kan dit 'n werklikheid maak.

Verbandlenings Gebruik 'n TrustBank-verband om die huis of woonstel wat u nog altyd begeer het, te koop. In sommige gevalle kan 100% van die koopprys toegestaan word, met terugbetalingstydperke van tot 30 jaar.

TrustBankkaart Een van die interessantste dienste wat TrustBank u bied, is die veelsydige TrustBankkaart. Dit kan as u betalingsmeganisme sowel as 'n spaarrekening gebruik word. Die begrotingslimiet waarvoor u kwalifiseer kan groot uitgawes soos 'n oorsese reis dek.

Wanneer u die kaart as 'n spaarrekening gebruik verdien u hoër as gemiddelde rente.

Belastings- en finansiële beplanningsdienste TrustBank het 'n span belastingdeskundiges op wie se kennis u kan peiltrek om u finansies volgens u sake- en persoonlike behoeftes te beplan.

Maak gerus gebruik van hierdie uitsonderlike persoonlike diens. Vandag se TrustBank kan u bank, finansieringsmaatskappy, beleggingsadviseur en bouvereniging – alles in een wees. Waarom druk u nie vandag op ons nommer sodat ons u kan wys hoe ons u behulpsaam kan wees nie, tuis of op kantoor?

Skakel u naaste TrustBank-bestuurder en hy sal u aan die regte persoon voorstel.

TRUST BANK

Vir persoonlike aandag.

Geregistreerde Handelsbank.

DMM 10324/a

Inhoud

2·85
Jaargang 29 MATIELAND

Redaksioneel	3
Fokus op	3
Ondersoek na akademiese vernuwing	4
US moet opvoed én wyer diens lewer, sê Rektor	5
300ste tandarts in 10 jaar	7
Maties nou meer as 13 000	7
Ou Bybeltale en die rekenaar	8
Seegolwe bied 'n nuwe kragbron	10
Kweek pastakoring, sê genetikus	11
Gesels ís goed, hoor slimste slimkoppe	12
Soöloë ontdek twee 'nuwe' akkedisse	13
Koreaanse tokkelok gou tuis in die 'Bosch'	14
Hoë WNNR-eer vir jong wiskundige	15
Reünies in die noorde en die suide	16
Hy laat gehawende kultuurgoed herleef	18
Briewe van die lesers	20
Klub vier sy eeufees	22
Bevorder en aangestel	24
Berner by US	25
Betonpaaie se probleme nagevors	26
Kosbare Duitse boeke na US	26
Atlas help teen oliebesoedeling	27
Orkes maak vriende in Europa	28
Dramastudente presteer met nuwe kabaret	29
Van ons donateurs	30
In memoriam	32
Vergaderings van die Konvokasie	34
Kanselier voortaan so gekies	36
Oud-Matie 96	36



See gee krag bl. 10



Restourasie bl. 18

'Nuwe' geitjie bl. 13

Hy is 96 bl. 36

Voorblad: *Die 'Matie-tweeling', Elana van Zyl (links) en Tanya Peckham, op Coetzenburg. In die Stellenbosch-Atletiekklub se eeufeesjaar het hulle albei vanjaar Springbokkleure verwerf. Die twee middelafstand-atlete is landwyd die lieflinge van atletiekskares. Mej. Van Zyl (18) is die SA juniorkampioen in die 3 000 m en mej. Peckham (19) die SA seniorkampioen in die 3 000 m asook SA juniorkampioen in die 800 en 1 500 m.*

Foto: Johan Stander

Redakteur: Hans Oosthuizen
Assistent: Willie Louw

Redaksiekantoor:
Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch
Tel. (02231) 77633; 77639
Teleks: 520383

Matieland *word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.*

Gedruk deur Creda Pers (Edms) Bpk
Solanweg, Kaapstad

"EK IS SO TROTS

Gradedag was 'n dag wat ek altyd sal onthou.

Ons het gewonder hoe ons die kinders deur universiteit gaan kry, want universiteits-opleiding is ontsettend duur. Ek het vir my man gesê: "Hier moet ons 'n plan maak." En hy het — hy's reguit na Boland Bank. . . Glo my vry — hulle Doelwitspaarplan, verder versterk deur boedel-beplanning en versekering in te sluit, het die knoop vir ons deurgehak.

En kyk nou!!

Daarom will ek met my hele hart Boland bedank — Boland Bank."

EN VIR U DROME, U TOEKOMS, WIE GAAN U BEDANK?

BOLAND BOLAND BANK BPK.

BOLAND BANK GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK

HEDLEY BYRNE NATIONAL 8453

REDAKSIONEEL

BEHOEFTES EN OPLOSSINGS

Vandat die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, ses jaar gelede die leiding by die Universiteit van Stellenbosch oorgeneem het, het hy gereeld die siening geprojekteer van die US as 'n inrigting wat onlosmaaklik deel van die Afrikanergemeenskap is maar 'n duidelike roeping het om aan al Suid-Afrika en sy mense diens te lewer, veral deur 'n strewe na groter uitnemendheid op die gebied van nagraadse opleiding en navorsing. In wat as 'n belangrike beleidstoespraak beskou kan word, het prof. De Vries onlangs riglyne aangedui vir 'n derde belangrike taak, dié van opvoeding, waarmee die Universiteit in 'n nog breër verband belangrike landsdiens kan lewer.

Sedert sy beskeie begin met dienslewering in 1866 het die Universiteit deur die jare die basis daarvan aansienlik verbreed, maar terselfdertyd sy eiesoortige karakter behou. "Sy pad na vore het hy geken en dit was nooit een van terugtrek of isolasie nie."

Met die US se besluit agt jaar gelede om gekleurde studente onder sekere beperkte voorwaardes toe te laat, het hy as Afrikaanse universiteit 'n weg gebaan wat sedertdien met sekere detail-verskille deur alle ander Afrikaanse universiteite nagevolg is. Vir die US was dit, soos prof. De Vries tereg gesê het, "'n gelukkige ervaring en Stellenbosch is in sy wese, sy mistieke karakter, nie swakker daaraan toe as voorheen nie — eerder nog sterker!"

In die lig hiervan beskou die Rektor dit as noodsaaklik om in die veranderende tye waarin ons leef, te voldoen aan die opvoedingseis om veral by die Afrikaner, die gemeenskap wat by uitstek deur die Universiteit gedien word, bewys te lewer dat diversiteit in die samestelling van 'n studentebevolking 'n krag kan wees, dat dit tot 'n beter toekoms van begrip kan bydra, en dat dit moontlik is om daarbinne 'n mens se eie karakter te behou.

Dit is teen hierdie agtergrond dat prof. De Vries 'n pleidooi gelewer het vir ruimer toelatingsvereistes aan gekleurde US-studente asook die verlening van volle studentestatus aan alle Maties. 'n Ruimer toelatingsbeleid word bepleit vir studente wat om baie redes nie by die huidige beleid inpas nie, maar wat 'n waardering het vir die Universiteit se waardes en wat graag daaraan blootgestel wil word. Daar word ook gevra vir volle studentestatus en dat daar nie "verskillende lyne getrek word" vir studente wat aan die US aanvaar is nie.

Die Universiteit kan so help om by te dra tot 'n samelewing wat mekaar se verskille erken, maar mekaar aanvaar en vertrou, "die dinge wat ons saambind, troetel, en nie uit vrye wil of deur regulering by mekaar verbyleef nie," meen prof. De Vries.

Hy wil hê die Universiteit moet die boodskap van 'n stabiele toekoms uitdra en 'n baanbreker op die ongekarteerde paaie wees. In die opvoedingseise wat gestel word, sien hy 'n toekomsvisie, 'n nastrewenswaardige ideaal, opgesluit. Daar moet 'n positiewe en realistiese visie op Suid-Afrika en die Afrikaner se toekoms wees — nie vreesbevange beklemming, twis en onderlinge stryd nie. Om dit alles te rugsteun, word gebalanseerde denke bepleit.

Uit verskeie oorde, waaronder die dosente- en studentekorps op die kampus, het die Rektor dadelik sterk steun vir sy standpunt gekry. Hy het dit van die begin af duidelik gestel dat die sienings van Oud-Maties en van die studente se ouers ook in ag geneem sal word — en dit is baie belangrik, want albei dié groepe het besondere belange by die Universiteit en selfs 'n emosionele verbintenis daarmee.

Almal wat konstruktief wil help om prof. De Vries se riglyne sinvol uitvoerbaar te help maak, moet hulle laat lei deur die breë agtergrond waarteen hy die hele saak gestel het, en met dié versoek van hom in gedagte: "Hopelik het ons nie selektiewe gewetes nie en is ons gewillig om behoeftes en probleme te erken en oplossings te soek."

Fokus op . . .

'n Briljante Matie, mnr. Frikkie Scholtz, wat deur die WNNR aangewys is as die belowendste jong fisikus in die land — en die eerste Suid-Afrikaner om na 'n dinkskrum-byeenkoms van Nobelpryswenners genooi te word.

Die byeenkoms, die 35ste jaarlikse Vergadering van Nobelpryswenners, is in Julie in Lindau aan die Bodensee in Wes-Duitsland gehou.

Alle Nobelpryswenners in 'n bepaalde dissipline word elke jaar daarheen genooi. Vanjaar — vir die twaalfde keer — was die fisici aan die beurt.

Sestien van die Nobelpryswenners was by die byeenkoms. Dertien referate is aangebied.

Voorheen is slegs Wes-Duitse studente en wetenskaplikes van elke betrokke dissipline daarheen genooi. 'n Voorstel verlede jaar deur die WNNR-verteenwoordiger in Bonn dat die organiseerders ook uit ander lande elk 'n briljante student nooi, is geesdriftig aanvaar.



Die Burger

Mnr. Frikkie Scholtz

So het dit gekom dat die WNNR-Stigting vir Navorsingsontwikkeling, saam met die SA Instituut vir Fisika, mnr. Scholtz vir dié groot eer gekies het.

Frikkie Scholtz doen navorsing vir sy doktorsgraad in die teoretiese kernfisika aan die Universiteit. Al sy vorige kwalifikasies het hy (as beurshouer van die Raad op Atoomkrag) met onderskeiding op Stellenbosch verwerf. Vir sy M-verhandeling het hy 'n prestige-toekenning, die Universiteit se John Todd Morrison-gedenkmedalje, verower.

Hy is sedert verlede jaar deur sy werkgewer, Kernkor, as heeltydse navorser aan die US se pas gestigte Instituut vir Teoretiese Kernfisika gesekondeer. □

ONDERSOEK NA AKADEMIESE VERNUWING

Dosente op alle posvlakke word betrek by 'n omvattende ondersoek na akademiese vernuwing aan die Universiteit. Dit geskied onder beskerming van die US se Akademiese Beplanningskomitee. Daar word gesoek na toekomstige riglyne en perspektiewe vir 'n voortgesette proses van akademiese verryking wat die studente, dosente, navorsers en administratiewe personeel sal betrek.

Dit is 'n poging om die Universiteit en al sy mense aan te spoor tot 'n ingrypende vernuwingsaksie, sê die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries. Hy is voorsitter van die Akademiese Beplanningskomitee.

Prof. De Vries meen die ondersoek is veral noodsaaklik in die lig van die voortdurend veranderend eise wat die tegnologie aan gegradueerdes stel. Die Universiteit moet ook deeglik besin oor die benutting van sy hulpbronne. Probleme soos onvoldoende toerusting vir opleiding en navorsing, of die doseerladings van sommige dosente wat te hoog is om aan hulle navorsingsverpligtinge reg te laat geskied, kom onder die loep.

Om dosente uit verskillende studierigtings te betrek, is 'n aantal interfakultêre "dinkskrums" saamgestel, wat onder leiding van prof. De Vries en die twee vise-rektore, proff. Roux de Villiers (Bedryf en Studente-aangeleenthede) en Hennie Rossouw (Akademies) hieroor besin. Nie net professore nie maar ook ander dosente is betrek.

Drie belangrike uitgangspunte word veral in ag geneem:

- Eerstens moet die Universiteit se studentetal mettertyd stabiliseer. Toekomsdoelwitte moet dus op gehalteverbetering gerig wees — op wat prof. De Vries noem die strewe na "'n sentrum van akademiese uitmuntendheid". Hier is die klemverskuiwing na nagraadse onderrig en opleiding, asook die gehalte van navorsing, belangrik. Dié oogmerke behoort vanselfsprekend ook die gehalte van voorgraadse onderrig te verbeter.
- Tweedens sal besin word oor die soort vernuwing wat beoog word. Studente, dosente, navorsers en administratiewe personeel moet aangespoor word om aan die vernuwingsaksie deel te neem. Rekening sal gehou word met die groot verskeidenheid van dissiplines, aanlegte, belangstellings, individuele inisiatief, ensomeer wat betrokke is, maar almal moet in dieselfde rigting saamwerk.
- Derdens is daar die uitgangspunt dat "'n goeie student help maak 'n goeie dosent" en omgekeerd. Personeel- én studente-ontwikkeling is dus ter sprake.

Onder die sake wat aandag geniet, is rasionalisasie, vakkombinasies, personeelbenutting, beter benutting van die semesterstelsel, die opgradering van ondersoek en navorsing en die balans tussen dié twee, klasgroottes, evalueringsmetodes, akademiese motivering, toelating en hertoelating, die student-dosent-verhouding (getallegewys en op persoonlikheidsvlak) en die akademiese oriëntering van eerstejaars. □



100 in 1986

Die Universiteit se sierlike Ou Hoofgebou is volgende jaar 'n eeu oud. Om dit te vier, word 'n saamtrek van alle oud-studente, dosente en oud-dosente wat deur die jare daar klasgeloop of -gegee het, beplan vir 6 November 1986. Dit sal daardie dag presies honderd jaar wees nadat die gebou ingewy is.

'n Komitee met prof. Charles Fensham as voorsitter reël 'n kort feesprogram vir dié middag. 'n Publikasie oor die gebou se geskiedenis en ander wetenswaardighede gaan verkoop word.

Daar word ook beplan om die Konvokasie se 1986-jaarvergadering met die reünie te laat saamval.

Groot getalle oud-studente in die regsgeleerdheid en teologie (admissie) is onder die Oud-Maties wat na die reünie genooi gaan word, want dit is veral hierdie studierigtings wat altyd in die gebou gehuisves is, sê die koördineerder van die saamtrek, mnr. Andries Esterhuyse van die Departement Ontwikkeling.

Meer besonderhede hieroor gaan later in *Matieland* bekend gemaak word.

Die Ou Hoofgebou is 'n verklaarde historiese gedenkwaardigheid. Dit word nou deeglik gerestoureer en opgeknap. □

U.S. MOET OPVOED EN WYER DIENS LEWER, SÊ REKTOR

"In ons opvoedingseis lê opgesluit 'n toekomsvisie, 'n ideaal, iets om na te streef. Geen vreesbevange beklemming, twis en onderlinge stryd nie, maar 'n positiewe en realistiese visie op Suid-Afrika en die Afrikaner se toekoms."

Die Universiteit van Stellenbosch moet voortgaan om soos in al die jare sedert sy ontstaan sy eiesoortige karakter te behou, maar om oor 'n breër basis diens aan Suid-Afrika en al sy mense te lewer, sê die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries.

Hy het volle studentestatus vir alle Maties en ruimer toelatingsvereistes vir gekleurde voorgraadse studente bepleit in 'n onlangse toespraak voor 'n konferensie van US-studenteleiers.

Prof. De Vries het oor die opvoedingseise vir jong leiers aan universiteite gepraat, en gesê universiteite se opvoedingstaak — naas dié van opleiding en navorsing — moet nou sterker in die soeklig kom. Dit moet in die baie breë verband van kultuur, sosio-politieke eise en beskawingseise gesien word.

As die oudste Afrikaanse universiteit en die opwekker van Afrikanerdenke het die US steeds die taak om 'n toekomsblik te projekteer van "die môre wat ons graag vir die Afrikaner wil sien. Stellenbosch is onlosmaaklik genaelstring aan die Afrikaner en het die geweldige taak op hom geneem om die beste in die Afrikanerkultuur en tradisies te vertroetel en uit te bou."

Getemper

Daar is nie 'n maklike oplossing vir die land se probleme nie. Die huidige tydvak van verandering bring verwagtinge, maar ook probleme, en albei moet getemper word.

"Die Afrikanerjeug en die Stellenbosse student is lank nie meer 'n eenvormige, homogene, tradisiegebonde groep met 'n gemeenskaplike agtergrond en lewensomstandighede (dikwels swaarkry) soos in die landelike fase van die Afrikaner se geskiedenis oorwegend die geval was nie. Die verstedelikte Afrikaner se waardes is enorm anders as dié van die plattelandse Afrikaner van 'n paar dekades gelede — en van vandag."

Hy het gesê hy beskou dit as een van die opvoedingseise vir die US se jeugleiers dat hulle optrede mense se menswaardigheid op alle vlakke moet erken en in ag neem. In dié opsig het hy verwys na die onlangse RGN-ondersoek oor tussengroepverhoudinge, waarin bevind is dat mense van mekaar geïsoleer word, en gewaarsku is dat dit toenemend moeilik sal word om konflik te omvorm. Die verslag het die oordrag van gemeenskaplike waardes, veral deur die onderwysstelsel, beklemtoon.

"As deurmurgde Afrikaner weier ek om verneder en gebreek te word, maar is ek terselfdertyd bereid om die verlede met sy foute, ook my eie selektiewe gewete, agter te laat en die hede as 'n vertrekpunt te sien."

Die US het naas sy akademiese roeping ook 'n sosiale roeping. Dit sluit onder meer in dat daar aan Suid-Afrika en veral die gemeenskap wat by uitstek deur die Universiteit gedien word, die Afrikaner, bewys gelewer word dat diversiteit in die samestelling van 'n studentebevolking 'n krag kan wees en op sy eie 'n opvoeding vir 'n toekoms van begrip is en dat dit moontlik is om daarbinne 'n mens se eie karakter te behou.

"In ons opvoedingseis lê ook opgesluit 'n toekomsvisie, 'n ideaal, iets om na te streef. Geen vreesbevange beklemming, twis en onderlinge stryd nie, maar 'n positiewe en realistiese visie op Suid-Afrika en die Afrikaner se toekoms. Beperkende eksklusiwiteit en 'n ontkenning van ons mede-Suid-Afrikaners se ideale is sonder meer uitgesluit."

Prof. De Vries sien dit as die US se plig om 'n besielende visie vir die toekoms te skep en 'n boodskap van vertroue die toekoms in te dra; om 'n boodskap van vertroue wat spreek tot al die jeug van Suid-Afrika te skep, wat Afrikaneridentiteit en SA patriotisme skeppend versoen; en om kontak en kommunikasie met al die land se mense, verskillende kulture en die internasionale gemeenskap te skep en te behou "en ons mense te oortuig dat in isolasie min wins te vinde is".

Hooghartig

Die Rektor het gepleit dat basiese Christelike beskawingsnorme nie net gepredik nie, maar ook uitgeleef word. Verder moet opregte menslikheid altyd geopenbaar word. "Ontoeganklik en hooghartig mag ons nie wees nie, eerder 'n oop oog en oop oor vir mense se behoeftes openbaar."

Vir die Universiteit lê dié behoeftes veral op die opvoedkundige vlak, by die verskillende gekleurde groepe se behoeftes op die tersiêre opleidingsvlak. As die US daarop aanspraak maak dat hy internasionaal aanvaarde en erkende standaarde handhaaf, "moet ons dit nie as die eksklusiewe reg net van sekere van ons land se inwoners beskou om dan so 'n opleiding en opvoeding te ontvang nie.

"Gelukig loop ons lank nie meer so 'n pad nie. Ons ervaring oor agt jaar heen was 'n gelukkige ervaring en

→

→
Stellenbosch is in sy wese, sy mistieke karakter, nie swakker daaraan toe as voorheen nie — eerder nog sterker."

Hy het gesê die Universiteit se beleid om enige student slegs op meriete tot nagraadse kursusse toe te laat, word vandag redelik algemeen aanvaar. Vir voorgraadse studente is die toelatingsbeleid gegrond op die beskikbaarheid van kursusse of hoofvakkombinasies aan "eie" universiteite vir gekleurdes.

Blootgestel

Hy weet egter ook van studente wat om baie redes nie by dié beleid inpas nie maar op Stellenbosch wil studeer, en is oortuig daarvan dat dié beleid ruimer gemaak moet word om "studente wat 'n waardering het vir Stellenbosch se waardes en graag daaraan blootgestel wil word, te akkommodeer". Dit is vir prof. De Vries 'n dringende bydrae wat die Universiteit kan lewer — "'n opvoeding om ook ons mense mekaar beter te laat leer ken, verstaan en waardeer".

Die US het in 1866 'n beskeie begin gemaak om diens aan die land te lewer. Die basis van dienslewering is deur die jare aansienlik verbreed. "Stellenbosch was nog nooit skaam vir wat hy was of is of wil wees nie. Sy eiesoortige karakter het hy behou, sy pad na vore het hy geken en dit was nog nooit een van terugtrek of isolasie nie.

"'n Verdere verbreding van ons basis in hierdie veranderende tye vind ek dus noodsaaklik — ons lewer 'n diens aan ons land en sy mense en nie net aan onsself in hierdie 'geïsoleerde' vallei nie!"

"Natuurlik sal die sienings hieroor van ons studente en ons oud-studente en ons ouers in ag geneem moet word. Hopelik het ons nie selektiewe gewetes nie en is ons gewillig om behoeftes en probleme te erken en oplossings te soek."

"Daarom beywer ek my ook daarvoor dat die groepsgebiedewet, soos ook die RGN se onderwysverslag suggereer, anders toegepas sal word op universiteitskampusse en wel so dat die hantering van sy studente, veral ook wat huisvesting betref, ten volle in die hande van die Universiteitsraad geplaas word." Daarmee kom 'n universiteit se outonomie ook in hierdie belangrike reëlingsaspek op sy eie kampus tot sy volle reg.

"Natuurlik sal die sienings hieroor van ons studente en ons oud-studente en ons ouers in ag geneem moet word. Hopelik het ons nie selektiewe gewetes nie en is ons gewillig om behoeftes en probleme te erken en oplossings te soek."

Samewerking

Verder het prof. De Vries gepleit vir groter samewerking tussen die universiteite in Wes-Kaapland, in die belang van die beste tersiêre opleiding. "Vir suksesvolle samewerking is wedersydse vertroue nodig — en dit bestaan tussen die universiteitsbesture, maar is dit waar op studentevlak?" Hy het die studenteleiers gemaan om hard hieraan te werk.

Vir almal wag daar harde werk, het hy gesê. Die huidige moeilike situasie moet juis gebruik word as vertrekpunt vir harde werk aan verhoudinge in die land. "My visie, my droom vir die toekoms, is 'n gemeenskap waar ons ons diversiteit erken, mekaar aanvaar en vertrou, die dinge wat ons saambind, troetel en nie uit vrye wil of deur regulering by mekaar verbyleef nie."

Die ideaal van Stellenbosch en sy jeug moet wees om die positiewe opsies te kies. "Ek idealiseer 'n universiteit wat die boodskap sal uitdra van 'n stabiele toekoms, van geloof, van hoop, gerugsteun deur gebalanseerde denke en optrede en wat gewillig is om as baanbreker op die ongekarteerde toekomspaaie te wandel." □

Mnr. Fanie du Plessis en sy seun, Chris, wat sedert verlede jaar saam by die Universiteit studeer. Mnr. Du Plessis sr., 'n onderwyser van Bredasdorp, het aanvanklik in 1957 as Matie afgestudeer, maar is nou met studieverlof terug op die Akker. Hy het verlede jaar B.Ed. verwerf en werk nou aan die skripsie vir 'n M.-graad in die opvoedkunde. Chris werk aan 'n honneursgraad in staatsleer.

• *Matieland*-lesers wat eksemplare van prof. De Vries se volledige toespraak wil ontvang, kan skryf aan:

Die Direkteur, Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch 7600, telefoonnommer (02231) 77633/9.

300ste TANDARTS IN 10 JAAR

Met die Fakulteit van Tandheelkunde se tiende jaarlikse belofteplegtigheid in Junie is 'n nuwe mylpaal bereik toe die fakulteit sy 300ste gekwalifiseerde tandarts opgelewer het.

In dié tyd het die fakulteit — die Universiteit se jongste — die prestasie behaal om meer as tien persent van die praktiserende tandartse in die Republiek te voorsien.

"Daar is minder as 3 000 praktiserende tandartse in Suid-Afrika en Stellenbosch kan met reg trots voel omdat hy reeds 316 van hulle opgelewer het," het die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, met die belofteplegtigheid gesê.

Altesaam 31 het vanjaar afgestudeer. Tien jaar gelede was daar 16.

Die nuwe tandartse het die potensiaal om leiers in die samelewing te word, het prof. De Vries gesê. "In hierdie stadium van ons landsgeskiedenis, waar ons besig is met noodsaaklike strukturele veranderings, het ons in ons gemeenskap leiers nodig wat nie sal weifel nie en wat die toekoms met 'n gees van vertroue tegemoet gaan.

"Ons aan die Universiteit glo dat daar, soos in die verlede, ook goue jare vorentoe wag en, hoewel ons land besondere probleme het, moet ons besef dat die oplossings van dié probleme nie net by die regering van die dag nie, maar ook by elkeen van ons, lê."



Die Burger

Prof. F. X. Prins (links), wat aan die einde van die tweede kwartaal as dekaan van tandheelkunde afgetree het, en die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, saam met die twee topstudente in vanjaar se tandheelkunde-finalejaarklas, drr. Mark Ebersbach (tweede van links) en Marius Bredell. Albei het pryse en medaljes by die belofteplegtigheid ontvang.

Die 31 tandartse wat vanjaar afgestudeer het se ouderdomme wissel van 23 to 42. Elf het dadelik begin praktiseer — die ander twintig moes eers hul diensplig afhandel.

Vir die dekaan van tandheelkunde, prof. F. X. Prins, was die belofteplegtigheid ook 'n spesiale geleentheid, omdat hy einde Junie afgetree het. □

Maties nou meer as 13 000

Die Universiteit het vanjaar vir die eerste keer meer as 13 000 studente. Die studentetal het met 578 toegeneem, van 12 571 in 1984 tot 13 149 vanjaar.

Die persentasie studente wat nagraads studeer, het van 27,1 tot 27,7 gestyg. Altesaam 3 639 Maties studeer vanjaar nagraads. Dit sluit in 1 448 meestersgraad- en 486 doktorsgraadstudente.

Die grootste van die Universiteit se twaalf fakulteite is Lettere en Wysbegeerte met 3 350 studente, Handel en Administrasie (2 594), Natuurwetenskappe (1 388), Geneeskunde, wat para-mediese kursusse insluit (1 661), Ingenieurswese (1 250) en Opvoedkunde (890).

Nege fakulteite het 'n toename in studente, een (Tandheelkunde) bly dieselfde en twee (Teologie en Ingenieurswese) het 'n afname. Lettere en Wysbegeerte het 285 studente meer, Handel en Administrasie 199 meer, Opvoedkunde 70 meer en Natuurwetenskappe 46 meer. Die Teologiefakulteit (wat slegs nagraadse kursusse aanbied), het 50 studente minder. Hoewel Ingenieurswese 41 studente minder het, is dit een van dié met 'n groot groei in nagraadse studente (30 meer as in 1984).

Handel en Administrasie het 91 nagraadse studente meer, Lettere en Wysbegeerte 54 meer, Opvoedkunde 46, Natuurwetenskappe 26 en Geneeskunde 15.

Altesaam 2 685 eerstejaarstudente het vanjaar aan die Universiteit ingeskryf.

Daar is 8 374 Matie-mans en 4 775 vrouestudente. Van die voorgraadse studente is 5 663 mans en 3 847 vroue, terwyl daar nagraads 2 711 mans en slegs 928 vrouestudente is.

Wat huistaal betref, is 81,4 persent van die Maties Afrikaanssprekend, 12,6 persent Engelssprekend, 2,6 persent se huistaal is Afrikaans en Engels, 2,5 persent kom uit Duitssprekende huise en 0,5 persent is Nederlandssprekend, terwyl daar klein groepies studente is wat Vlaams, Frans en ander Europese tale, 'n Bantoetaal of 'n Oosterse taal as huistaal het. □

OU BYBELTALE EN DIE REKENAAR

IN die Universiteit se Departement Semitiese Tale word die rekenaar op groot skaal ingespan met verskeie interessante navorsingsprojekte oor die tale en tekste van die Ou Testament — navorsing wat selfs in die buiteland soveel erkenning geniet dat die departement onlangs by die ontleding en dekodering van Israel se beroemde Dooie See-rolle betrek is.

Die departement doen baanbrekerswerk, onder meer deur die Siriese teks van die Ou Testament vir die eerste keer op rekenaar vas te lê en in opdrag van 'n internasionale redaksiekommissie te werk aan die mees omvattende rekenaar-georiënteerde navorsingsprojek ter wêreld oor die opstel van 'n Siriese konkordansie.

Twee van die departement se personeellede, prof. Walter Claassen en dr. Johann Cook, is ook genooi om in September in België by die eerste internasionale kongres oor die rekenaar en die Bybel referate te lewer oor die navorsingsprojekte wat hulle lei.

In die afgelope twee jaar het die departement noue bande geknoop met navorsers aan universiteite in Wes-Duitsland, Nederland en Israel. Steun vir dié veelbelowende navorsing kom onder meer van die RGN.

Navorsing oor die Ou Testament se tale en tekste is nog altyd geknel deur die baie gegewens, wat beswaarlik met konvensionele metodes gehanteer kan word. Twee voorbeelde illustreer dié probleem.

- Met navoring oor Bybelse Hebreeus (of ander ou tale) moet alle gevalle van dieselfde woord, uitdrukking of konstruksie in die hele Ou Testament bymekaargekry word. Slegs deur al dié gegewens saam te bestudeer, kan 'n bepaalde woord, uitdrukking of konstruksie se betekenis vasgestel word. Baie tyd gaan so verlore voordat die ware interpretasie kan begin.
- Navorsers wat met die tekskritiek te doen het se probleem is nog groter. Met al die beskikbare gegewens word hier geprobeer om die teks vas te stel wat die naaste moontlik aan die oorspronklike een is. Daar moet nou met 'n groot getal ou Bybeltekste, -teksfragmente en -vertalings gewerk word. Dit is 'n groot probleem om al die materiaal doeltreffend onder beheer te hou en op die regte tyd die regte materiaal uit die groot hoeveelheid wat beskikbaar is, te onttrek.

Omdat die rekenaar so baie inligting (ook gewone taalgegewens) so doeltreffend kan hanteer, het navorsers dié moontlikhede vir Bybelbestudering begin ontgin. Dit hou veral vir die bestudering van die Ou-Testamentiese tale en tekste groot moontlikhede in.

Die rekenaar bied hier die sleutel tot 'n interessante, nuwe navorsingsfase. Navorsers kan nou antwoorde kry op vrae wat hulle nie gedink het gevra kan word nie!

Op Stellenbosch het dosente in die Semitiese tale ook die afgelope twee jaar die rekenaar se navorsingsmoontlikhede ondersoek. Buitelandse sentra wat sulke navorsing doen, is besoek en die departement het die nodige kundigheid hiervoor begin ontwikkel. Verskeie deeltydse navorsingsassistente is betrek. Van hulle het kursusse in programmering gevolg of volg dit nou.

Een van die wêreld se voorste geleerdes op dié gebied, prof. Emmanuel Tov van die Hebreeuse Universiteit, het Stellenbosch onlangs besoek en 'n ooreenkoms met die departement aangegaan oor die enkodering en ontleding van sekere teksgegewens uit die Dooie See-rolle. Hy is mededirekteur van die internasionale projek *Computer Assisted Tools for Septuagint Studies* (CATSS) en besoek Suid-Afrika op uitnodiging van die RGN. Dr. Cook lei hierdie navorsing op Stellenbosch, wat as 'n onderdeel van CATSS funksioneer.

Die RGN steun twee van die departement se projekte — die een vir drie jaar. Die Universiteit dra self ook heelwat vir dié navorsing by. Dit is interdissiplinêr en verskeie US-personeellede en instansies se kundigheid help om die navorsingsprojekte se welslae te verseker.



Prof. Emmanuel Tov (tweede van regs) saam met personeellede van die Departement Semitiese Tale, prof. Walter Claassen, dr. Johann Cook en die departementshoof, prof. Charles Fensham.

Wye internasionale skakeling het die navorsing voorafgegaan. Vir navorsing soos dié word materiaal meestal slegs beskikbaar gestel deur 'n samewerkingsooreenkoms wat wedersyds voordele inhou.

Noue bande het so ontstaan met navorsers aan die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem, die Bar-Ilan-universiteit in Tel Aviv en die universiteite van Leiden (Nederland) en Tübingen (Wes-Duitsland). Ook in Suid-Afrika word met kollegas by ander universiteite saamgewerk.

Op Stellenbosch — anders as met soortgelyke navorsing in die buiteland — word gekonsentreer op die Ou Testamentiese taal én teks, asook hul onderlinge verhouding.

'n Probleem wat oorkom moes word, was om die rekenaar as't ware Hebreeus en Siries te laat "praat". Wanneer soveel materiaal soos die hele Ou Testament so intensief en gereeld gehanteer word, moet die teks op die

rekenaarskerm in Hebreeus (of Siries) wees, en dit moet op papier in dié tale se karakters uitgedruk word — geen maklike taak in hierdie twee gevalle nie!

Die Stellenbossers kon albei hierdie probleme oplos. Nou word daar ook gewerk aan die ontwikkeling van Hebreeuse en Siriese karakterstelle vir 'n laserdrukker — beslis 'n noodsaaklikheid vir die hantering van so baie materiaal. Hiervoor het die departement tydelik 'n geskikte, veelsydige laserdrukker by 'n firma geleen.

Al die nuwe ontwikkelinge beteken doeltreffender en meer gevorderde navorsing, waarmee deurgedring kan word na die vrae en probleme wat nog op antwoorde wag. Dit bied ook vir nagraadse studente interessante, nuwe navorsingsmoontlikhede.

Vir dié navorsingsprojekte het die Departement Semitiese Tale eerstens meer geld nodig om die duur, tydsame, aanvanklike ontwikkelingswerk moontlik te maak. Die materiaal moet vanaf die eerste stadium so korrek as moontlik voorberei word, omdat alle verdere fases daarop voortbou. Hiervoor is assistente, op 'n gevorderde studievlak, nodig. Kundiges moet minstens 'n paar jaar, en selfs in 'n navorsingsloopbaan, behou kan word.

Tweedens is kragtiger rekenaartoerusting nodig. 'n Werklike omvattende stelsel wat aan die spesifieke behoeftes op dié gebied kan voldoen, moet opgebou word.

Behalwe vir die nuwe projek oor die Dooie See-rolle, doen die departement o.m. navorsing oor die Hebreeus van die Ou Testament, die Griekse vertaling van die Ou Testament en oor die Ou Testament in Siries.

Met die navorsing oor die Hebreeus van die Ou Testament word beoog om 'n grammatikale databank of -basis op te bou, vir doeltreffender navorsing oor Bybelse Hebreeus, waarin die Ou Testament geskryf is. Die materiaal moet in die kantore van navorsers, teoloë, Bybelvertalers, dosente, e.a. op 'n mikrorekenaar gehanteer kan word. Dit moet dus vir 'n wye verskeidenheid van mense geskik wees en internasionaal beskikbaar gestel kan word. Dié interessante navorsing sal weer 'n nuwe stuk "gereedskap" oplewer, as hulpmiddel vir verdere navorsing.

Dit het voortgevloei uit navorsing van prof. Claassen in 1983 in Tübingen. Verskeie van die bogenoemde universiteite werk daaraan saam. 'n Navorser van Tübingen is vanaf September vir 'n jaar verbonde aan die projekspan op Stellenbosch — om daarmee te help én met die oog op sy eie navorsingsprojek waarvoor hy dié materiaal benodig.

Die teks (in rekenaarvorm) is deur navorsers van die Hebreeuse Universiteit bekom. Dit moet dikwels en deeglik geproeflees word. 'n Volledige grammatikale ontleding van die vorme word nou gemaak, m.b.v. vindingryke rekenaarprogramme wat deur assistente van die departement opgestel is.

Die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint — waarskynlik so genoem omdat 70 vertalers



So lyk 'n Siriese letter op die rekenaarskerm. Die Siries van die Ou Testament is op Stellenbosch vir die eerste keer in rekenaartaal omgeskep.

daaraan sou gewerk het) het in Aleksandrië ontstaan. Omdat dié stad se Jode mettertyd hul moedertaal, Hebreeus, verleer het, moes die Bybel in Grieks vertaal word. Hierdie teks is 'n baie belangrike bron vir die bestudering van die Bybel.

CATSS is waarskynlik dié leidende rekenaar-georiënteerde projek. Dit bestaan uit 'n gerekenariseerde databasis wat gesamentlik deur die Universiteit van Pennsylvanië in Amerika en die Hebreeuse Universiteit voorberei word — hoofsaaklik om 'n aanpasbare, meerdoelige databasis te skep, met die belangrikste, noodsaaklike teksgegewens vir 'n studie van die Septuagint en dié teks se verhouding tot die Hebreeuse een.

Die rekenaar word ook vir die hantering van Siriese teksmateriaal gebruik. Die Ou Testament is in die vroeë Christelike era in Siries vertaal — waarskynlik in Edessa naby die moderne stad Urfa in Turkye, waar 'n groep Jode (proseliete) gewoon het.

Die Siriese vertaling (genoem die Peshitta, die "gewone") is belangrik vir die Siriese kerk, asook vir die teologie (eksegese en tekskritiek) in die algemeen. Navorsing hieroor het veral in die afgelope kwarteeu op dreef gekom. In 1953 is besluit om 'n internasionale komitee wat oor die vertaling se publikasie moes toesig hou. Dit het tot die stigting van die Peshitta-instituut aan die Universiteit van Leiden gelei. Sedert 1969 het verskeie Ou Testamentiese boeke verskyn en die hele Ou Testament sal waarskynlik binne vyf jaar voltooi wees.

'n Konkordansie/leksikon daarvan moet nou ontwerp word. In die Ou Testamentiese wetenskap is eksegetiese implemente (konkordansie, woordelys, ens.) naas die teksmateriaal uiters belangrik. Op die *International Organisation for the Study of the Old Testament* (IOSOT) se mees onlangse kongres in 1983 in Spanje is besluit om met die formele ontwerp van die Siriese konkordansie te begin.

Dr. Cook het op die kongres 'n referaat gelewer en daarna in Leiden samesprekings gevoer met die direkteur van die Peshitta-instituut, dr. Martin Mulder. Ná skakeling met die voorsitter van IOSOT se Peshitta-projek, prof. William McKane van die St. Andrews-universiteit in Skotland, is 'n redaksiekomitee, bestaande uit dié twee professore en dr. Cook, saamgestel. Daar is besluit dat Stellenbosch met die werk sou begin.

Die Departement Semitiese Tale is reeds klaar met 'n loodsstudie van Genesis se eerste ses hoofstukke. Dit is in September verlede jaar met die ander redaksielede bespreek en die Stellenbossers het die ja-woord gekry om met die werk voort te gaan. Genesis is nou voltooi en die res van die pentateug (die Ou Testament se eerste vyf boeke) behoort binnekort vir publikasie gereed te wees.

Geleerdes besef lankal die noodsaaklikheid van 'n Siriese konkordansie, maar dit kon nie eerder aangepak word nie — dit sou te veel "handearbeid" verg. Nou het die rekenaar dié situasie verander.

Hierdie konkordansie se belangrikheid word nie betwyfel nie. Dit is nodig vir voortgesette navorsing oor die Siriese teks. Met die nodige rekenaarprogramme sal dit 'n basis wees vir intensiewe grammatikale tekskritiese en ander teologiese navorsing.

Dié Stellenbosse navorsingsprojek is uniek: Die Siriese teks word vir die eerste keer op rekenaar vasgelê. Die Stellenbosse navorsers het ook al 'n groot gedeelte van die pentateug op rekenaar vasgelê. En nêrens ter wêreld is 'n rekenaar-georiënteerde konkordansie nog op so 'n omvattende skaal aangepak nie. □

US-navorsers ondersoek die opwekking van elektriese krag uit seegolwe — en die resultate lyk baie belowend!

SEEGOLWE BIED 'N NUWE KRAGBRON

Seegolwe kan dalk in die toekoms ingespan word om in Suid-Afrika se toenemende behoefte aan elektriese krag te help voorsien. Die Universiteit se Navorsingsgroep in Oseaaningenieurswese werk sedert 1979 aan 'n projek om die opwekking van elektriese krag uit seegolwe te ondersoek — en die resultate lyk baie belowend!

'n Golfenergie-omsetter is reeds ontwikkel en in die laboratorium getoets. Dit is besonder geskik vir toestande aan die Suid-Afrikaanse kus en sal elektriese krag teen 'n mededingende koste kan opwek, sê prof. Deon Retief, onder wie se leiding dié navorsing gedoen word.

Aanvanklik is alle beskikbare golfdata verwerk om die hoeveelheid en verspreiding van golfenergie rondom die Suid-Afrikaanse kus te bepaal. Nuwe golfmeters is ook op strategiese plekke in die see geïnstalleer om die beskikbare gegewens aan te vul.

Dit het gou geblyk dat die energie-inhoud van die golwe aan die Kaapse Weskus en die Skiereiland van die gunstigstes ter wêreld is vir die opwekking van elektriese krag. (Die meeste naywerheidslande met hoë-energiekuslyne doen navorsing op dié gebied en het van hul resultate aan die navorsers op Stellenbosch beskikbaar gestel.)



Prof. Christo Viljoen, dekaan van ingenieurswese, en mnr. Johan Müller by die skaalmodel van die golfenergie-omsetter terwyl dit in Hannover, Wes-Duitsland, uitgestal is. Prof. Viljoen was met 'n besoek aan Europa toevallig 'n besoeker by die uitstalling. Mnr. Müller, 'n navorser wat aan die projek gewerk het, het die uitstalling beman.

Die golfenergie-omsetter bestaan uit 'n betonstruktuur in die vorm van 'n V, met arms ongeveer 160 meter lank. Dit word naby die kus in 'n waterdiepte van ongeveer 15 meter op die seebodem geplaas. Die hele struktuur is onder die oppervlak, behalwe vir 'n toring by die punt waar die twee arms bymekaarkom. Dié toring bevat die elektriese generator, aangedryf deur 'n lugturbine.

Wanneer 'n golf oor die struktuur beweeg, veroorsaak die verskil in druk onder die kruin en trog dat 'n ingeslote volume lug binne-in die struktuur deur die turbine gesirkuleer word om dit aan te dryf. Net een so 'n V-vormige struktuur beslaan ongeveer 250 meter kuslyn en kan 'n maksimum van 4,5 megawatt elektriese krag opwek — genoeg om 'n kleinerige dorp van elektriese krag te voorsien.

'n Voorstel is uitgewerk vir 'n 750-megawatt-stelsel langs die Kaapse Weskus, waaruit blyk dat dit met bestaande tegnologie gebou kan word en elektriese krag teen 'n mededingende koste kan opwek.

Die Universiteit het wêreldwyd patentregte op die golfenergie-omsetter uitgeneem.

Hoewel daar nie op die oomblik 'n sterk genoeg behoefte aan die benutting van seegolwe as alternatiewe energiebron bestaan nie, kan sake vorentoe anders lyk. In Brittanje byvoorbeeld word miljoene rande jaarliks aan navorsing op dié gebied bestee. Die Amerikaners het ook 'n lewendige belangstelling daarin.

Referate oor die navorsing op Stellenbosch is reeds by drie internasionale konferensies in Suid-Afrika en in die buiteland aangebied. Vroeër vanjaar is 'n model van die stelsel in Wes-Duitsland uitgestal, by die Hannover Messe, een van die grootste nywerheidstentoonstellings in Europa.

Dit was op uitnodiging van die Ontwerpinstituut van die SA Buro vir Standaarde, namens die Departement van Nywerheidswese en Handel. Die gedagte was om die vlak van tegnologie wat aan Suid-Afrikaanse uiniversiteite ontwikkel is, bekend te stel.

Sowat 100 000 mense het die tentoonstelling daagliks besoek. Daar was 'n groot belangstelling in die Stellenbosse navorsingsprojek en insiggewende gesprekke is met baie van die besoekers gevoer, sê mnr. Johan Müller van die Navorsingsgroep in Oseaaningenieurswese, wat die Stellenbosse uitstalling beman het. □

Proewe lewer tien ton per hektaar op

KWEEK PASTAKORING, SÊ GENETIKUS

Navorsing deur die Universiteit se Departement Genetika, in samewerking met die Staat se Departement van Landbou en Watervoorsiening, het aan die lig gebring dat die opbrengspotensiaal van durumkoring onder besproeiing in die Grootvisriviervallei baie hoog is — selfs meer as tien ton per hektaar.

Produsente in dié streek en in die Oranjerivierbesproeiingsgebied moet aangemoedig word om durumkoring te kweek, én om met die regte agronomiese praktyke hierdie hoë produksie te handhaaf, sê prof. R. de V. Pienaar, hoof van die Departement Genetika.

Durumkoring word gebruik vir Suid-Afrika se groeiende pastabedryf, wat jaarliks 16 000 ton van dié koringsoort benodig. Dit is 60 persent meer as vyf jaar gelede.

Die Departement Genetika het hierdie belangrike telingsprojek in 1974 aangepak. Naas die Departement van Landbou en Watervoorsiening verskaf die Koringraad en die firma Fatti's en Moni's ook geld en ander steun daarvoor.

Die doel van die projek is om durumkoring se produksie langs die Grootvis- en Oranjerivier te verhoog en die gewas se siekteweerstand asook kwaliteit (vir die maak van pastaprodukte) te verbeter.

Proewe word hoofsaaklik op die Universiteit se proefplaas Welgevallen op Stellenbosch en die Departement Landbou en Waterwese se proefplaas by Cradock uitgevoer. Ook by Middelburg is proewe uitgevoer en die Koringraad se Kleingraansentrum op Bethlehem het meegewerk met durumproefaanplantings langs die Oranjerivier, onder meer op die Vaalhartsbesproeiingskema.

Die Koringraad toets die gehalte van die durum-monsters wat verkry word.

Hoewel die navorsingsprojek nog lank kan voortduur, het dit reeds daartoe gelei dat drie kultivars, Nordum, Fargo en Moni, aan produsente beskikbaar gestel kon word.

Die proewe by Cradock het op 'n goeie weerstand teen siektes gedui. Met die lengte en sterkte van strooi is geen probleme ondervind nie. Ook die dratyd was bevredigend — die meeste soorte het binne 83 tot 94 dae in die aar gekom en binne 130 tot 145 dae ryp geword.

Prof. Pienaar in 'n kweekhuis op Welgevallen met gerwe van Moni (links) en Fargo, twee van die drie kultivars wat reeds aan produsente beskikbaar gestel is.

In swak broodkoringjare kan die durumoorskot wat nie vir die plaaslike pastaproduktemark nodig is nie vir broodproduksie met broodkoring gemeng word, terwyl die oorskot durumkoring in goeie jare vir vervaardigde pastaprodukte vir die uitvoermark gebruik kan word. Dié het 'n lang raklewe en behoort vir uitvoer voordeliger as broodkoring te wees.

Prof. Pienaar meen dus hierdie navorsingsprojek het reeds bewys dat die Departement van Landbou en Watervoorsiening asook die Koringraad die produksie van durum- eerder as broodkoring in die Grootvis- en Oranjerivierbesproeiingsgebiede behoort aan te moedig.

Die produksie van meer as tien ton per hektaar wat in die proewe behaal is, is merkwaardig as 'n mens in ag neem dat daar in Brittanje en die VSA selfs sogenaamde "Tien-ton"-klubs bestaan vir koringprodusente wat dié prestasie behaal. "Produsente in Suid-Afrika kan op 'n soortgelyke manier tot hoë produksie aangespoor word," sê prof. Pienaar. □

GESELS ÍS GOED, HOOR SLIMSTE SLIMKOPPE

Stellenbosch se koshuis- en kampuslewe skep al geslagte lank die ideale atmosfeer vir kennismaking, blywende vriendskappe en gewone, interessante gesels, sê dr. D. P. de Villiers, Sasol se voorsitter en 'n bekende Oud-Matie. Hy was die geleentheidspreker by 'n dinee vir sowat 150 Matie-toppresteerders op akademiese gebied, wat in die tweede kwartaal deur die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, aangebied is.

Dr. De Villiers het met US se slimste slimkoppe gepraat oor die mate waartoe 'n mens op universiteit voorberei kan word om jou plek in "die eeu van die ORGANISASIE" vol te staan. Hy het verwys na dié van hulle wat in hul loopbane 'n bydrae wil maak as lede van 'n span — in die handel, nywerheid, dienste- of owerheidsektor.

In organisasies wat mens-geörienteerd is, kry opleiding op alle vlakke voortdurend intensiewe aandag. "Opleibaarheid hang grootliks af van mensekennis en 'n aanvoeling vir mense. Niks dra meer by tot hierdie kennis en aanvoeling as intelligente gesprekvoering nie — eenvoudiger gestel: GESELS." Hiervoor het Stellenbosch se koshuis- en kampuslewe reeds geslagte lank die ideale atmosfeer geskep.

"Ons weet natuurlik almal van baie studente wat hulle uit hul predikate gesels het," het dr. De Villiers in 'n ligter luim gewaarsku. "Matigheid bly steeds 'n deug en 'n mens sou natuurlik nie wou sien dat die studentemassa — veral die top akademiese presteerders — so verslaaf raak aan gesels dat die Universiteit se verenigingslewe en georganiseerde sport ten gronde gaan nie. Maar dit sal nie gebeur solank 'n gesonde en gedissiplineerde koshuislewe op Stellenbosch in stand gehou word nie."

Hy het gesê hy het in 'n huis grootgeword waar daar nie gepraat is van universiteit toe gaan nie, maar van Stellenbosch toe! "Met my kinders was dit dieselfde, en hulle was soos studente uit baie ander families vierde geslag Maties — nie iets om oor te spog nie, maar om oor dankbaar te wees.

"Maar waarvoor ek eintlik sê dankie, Stellenbosch, is omdat my vyf kinders en drie skoonkinders 36 jaar se akademiese krediet verwerf het in 36 studiejare wat alles in koshuise op Stellenbosch deurgebring is."

Sy "selfsugtige bede" aan die Matie-uitblinkers was: "Wend u gawes van hart en verstand hier op Stellenbosch so aan dat my en my tydgenote se kleinkinders dieselfde voorregte kan geniet." □



Twee Matie-meisies, albei eerstejaar-B.Sc.-studente, het T. E. Dönges-studiebeurse verower wat vir die duur van hul kursusse R4 000 elk bedra. Prof. H. W. Rossouw (links), Vise-Rektor: Akademies by die Universiteit, en oud-minister S. L. Muller, voorsitter van die Dönges-studiefonds, is hier by die twee slimkoppe, mejj. Ingrid Strauss en Stephanie Wand, wat met hul akademiese prestasies op skool dié prestige-beurse gewen het. Mej. Strauss is 'n oud-leerling van die Hoërskool Vredenburg en mej. Wand van die Rynse Hoërskool op Stellenbosch.

Onlangse ontdekkings deur twee US-navorsers beklemtoon hoe min wetenskaplikes nog weet van die fauna van Wes-Kaapland se berge.

Twee navorsers van die Universiteit se Departement Soölogie het onlangs twee belangrike dierkundige ontdekkings in die berge van Wes-Kaapland gedoen: Hulle het twee "nuwe" akkedissoorte ontdek — 'n geitjie en 'n sonkyker.

Mnre. David Mostert en Le Fras Mouton het die geitjie einde verlede jaar die eerste keer in die Hawekwaberge naby Dutoitskloof raakgesien. Die sonkyker, wat ook in die volksmond bekend is as skurwejantjie of gordelakkedis, is vroeër van jaar in die Koue Bokkeveld ontdek.

Die twee navorsers, saam met dr. Burger Oelofsen van dié departement wat as projekleier optree, werk al drie jaar lank aan 'n projek oor die faktore wat die verspreiding van akkedisse in die fynbosgebied bepaal.

Dit is deel van 'n multi-dissiplinêre, WNNR-ondersteunde navorsingsprojek oor die Kaapse fynbosbioom waaraan navorsers van verskeie instansies deelneem. Die ontdekkings is gemaak tydens veldwerk om die verspreiding van die akkedissoorte in die fynbosgebied te bepaal.

Die geitjie behoort tot die genus *Afroedura* waarvan daar 17 soorte in suidelike Afrika voorkom. Dit gaan vernoem word na die berge waar dit ontdek is en sal as die Hawekwageitjie bekend staan. Die sonkyker behoort tot die genus *Cordylus* en sal moonlik na dr. Geoff McLachlan, 'n herpetoloog van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, vernoem word, sê mnr. Mouton.

Albei akkedissoorte kom klaarblyklik net in beperkte gebiede in Wes-Kaapland voor. Maar waar hulle voorkom, is hulle nogal volop, vertel die twee navorsers. Hulle het op een plek binne 'n uur elf van die geitjies gevind.

Waarom is dié diertjies dan nou eers ontdek?

"Nee, ons is sekerlik nie die eerste mense wat hulle raakgesien het nie," erken David Mostert. "Maar ons was die eerste kenners van Wes-Kaapse akkedisse wat hulle gesien en besef het hier is iets wat nog nie tevore

→



Die Hawekwageitjie, wat einde verlede jaar naby Dutoitskloof ontdek is. Hulle het bruin en geel strepe en hulle sterte is opvallend breed en plat.

SOÖLOË ONTDEK 2 'NUWE' AKKEDISSE

David Mostert (links) en Le Fras Mouton, wat die voorheen onbekende geitjie en sonkyker ontdek het.

geïdentifiseer en wetenskaplik beskryf is nie."

By Dutoitskloof en later ook Bainskloof is die geitjies byvoorbeeld aangetref langs baie bekende wandelroetes. Die feit dat dit 'n nagdiertjie is en gedurende die dag in klipskeure skuil en waarskynlik net hoog in berge voorkom, kon daartoe bygedra het dat kenners hulle nie al eerder opgemerk het nie.

Die geitjie is een van die grootste *Afroedura*-soorte en word tot sowat 14 cm lank. Hulle het mooi bruin en geel strepe dwars oor hul lywe en het opvallende, breë, plat sterte. Die sonkyker is 'n vaal, stofbruin kêreltjie. Omdat hulle ook in nou klipskeure bly, is hulle taamlik afgeplat. Hulle sterte breek besonder maklik af.

Wat die ontdekkings veral belangrik maak, sê mnr. Mouton, is die taksonomiese waarde daarvan, d.w.s. die manier waarop dit kan help om die verwantskappe tussen die verkillende soorte te bepaal.

Die geitjie is die eerste *Afroedura*-soort wat in Suidwes-Kaapland gevind is. Die meeste van die *Afroedura*-soorte kom in Transvaal, Natal en Oos-Kaapland voor. Enkele soorte kom ook in die weste voor, vanaf Angola tot so ver as Springbok in Klein Namakwaland. Ná die nuwe ontdekking het dit duidelik geword dat al die *Afroedura*-soorte geografies 'n ringkompleks vorm.

Net so het die ontdekking van die nuwe sonkykerakkedis ook deure oopgemaak tot die oplossing van sekere taksonomiese probleme in die groep wat wetenskaplikes al jare lank hoofbrekens besorg.

Volgens die twee navorsers beklemtoon die ontdekking van die twee nuwe soorte die onrusbarende feit dat wetenskaplikes nog baie min weet van die fauna van Wes-Kaapland se berge, veral wat die laer groepe aanbetref. □



INSEKTEKENNER

'n Wes-Duitse geleerde, dr. Wolfgang Mackenroth, is die eerste buitelander wat heeltyds na-doktorale navorsing in die Departement Chemie by die Universiteit gedoen het. Nadat hy verlede jaar 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Hamburg verwerf het, was hy tot vroeër vanjaar sowat 'n jaar as navorser aan die departement verbonde.

Sy studieverblyf op Stellenbosch is deur 'n beurs van die WNNR moontlik gemaak. Hy het in die navorsingslaboratorium vir ekologiese chemie aan die US gewerk. Sy baie interessante navorsing handel oor die sintese van lokstowwe in die natuur, hoofsaaklik by insekte.

Dit was sy derde besoek aan Suid-Afrika sedert 1982. Hy sê hy en sy vrou, Astrid, hou baie van die land, en veral van Stellenbosch.

KOREAANSE TOKKELOK GOU TUIS IN DIE 'BOSCH'

In sonnige Suid-Afrika is dit braaivleis, in Amerika hou die "cowboys" 'n barbeque, maar in Korea word gepraat van "firemeat". Dis ook die gunsteling-dis van die Universiteit se eerste Koreaanse student in die teologie.

In-Gyu Hong en sy aanvallige vrou, Kyung-Bok, is ná 'n maand se verblyf in die Eikestad smoorverlief op die land van sonskyn, braaivleis en rugby.

In-Gyu en sy gesin is hier sodat hy sy M.Th. en later dalk die D.Th. kan verwerf. In-Gyu sê hy is bevoorreg om sy nagraadse studie aan te pak onder leiding van 'n man soos prof. Bernard Combrinck van die Kweekskool. "Prof. Combrinck is fantasties. Ek is dankbaar om onder hom te studeer. Hy is 'n wêreldkenner op die gebied van die Nuwe Testament."

In-Gyu Hong en sy vrou, Kyung-Bok, met hul kroos, Jonathan, Deborah en Nathan.

In-Gyu is sowat dertig jaar gelede in Suid-Korea gebore. Ná sy skoolopleiding was hy student aan die Chonnam Nasionale Universiteit in Korea. Daarna het hy sy militêre diensplig van drie jaar voltooi voordat hy 'n verdere jaar aan dieselfde universiteit gestudeer het.

Die daaropvolgende jaar is hy en sy vrou na die stad Jackson in die staat Mississippi in die VSA waar hy in teologie by 'n kweekskool onderrig is.

Terwyl hy in Amerika was het van sy vriende wat by die Potchefstroomse Universiteit vir CHO was hom aanbeveel om Stellenbosch toe te gaan.

"Ek het aan prof. Combrinck geskryf en my aansoek om Stellenbosch toe te kom, is aanvaar. Ons beoog om sowat vier jaar hier te bly," sê In-Gyu.

Het hy al 'n vleisbraai op Stellenbosch gehou? Ja, hy het al "firemeat" geëet, en dit was baie lekker. □

HOË W.N.N.R.-EER VIR JONG WISKUNDIGE

Dr. G. G. Watkins, senior lektor in wiskunde aan die Universiteit, is vir die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se Presidentstoekenning benoem.

Dié toekenning, wat as 'n uitsonderlike prestasie gereken word, word gemaak aan jong navorsers wat met hul doktorale studies en daarna getoon het dat hulle oor besondere talent as navorsers beskik. Die President van die WNNR nomineer jaarliks 'n beperkte aantal navorsers wat vir die toekenning in aanmerking kom.

Die doel van die toekenning, wat vir drie jaar geld, is om die betrokke navorser in staat te stel om sy volle potensiaal te ontwikkel.

Navorsers wat jonger as 35 jaar is, voltyds in diens van 'n universiteit is, en reeds 'n doktorsgraad verwerf het, kom in aanmerking vir die toekenning.

Gavin Graham Watkins, 'n gebore Johannesburger wat later in Natal met sewe onderskeidings gematrikuleer het, sê hy het ná sy skoolopleiding oor sy beroepskeuse getwyfel. "Ek wou aanvanklik prokureur word, maar het gou my fout agtergekom, en reeds vroeg in my eerstejaar besluit om liewer B.Sc. aan te pak. Dit was vir my moeilik om te kies watter kursus ek moet volg aangesien ek ewe goed in al my skoolvakke gedoen het."

Op skool was wiskunde gewis nie een van sy gunstelingvakke nie. Dis eers nadat hy met sy B.Sc.-kursus begin het dat hy 'n belangstelling in wiskunde ontwikkel het.

Volgens prof. H. J. Schutte, hoof van die Departement Wiskunde, is "die departement besonder trots op dr. Watkins se prestasie, want dis min mense wat dié toekenning kry".

Benewens sy liefde vir wiskunde, lê die versamel van Kaapse antieke meubels hom na aan die hart. Hiermee is hy al tien jaar besig. "Deesdae is dit 'n duur stokperdjie, maar ek het gelukkig begin toe pryse nog laag was." Verder stel hy belang in die argitektuur van die 18de eeu "en daarom is ek verheug om op Stellenbosch te kan woon". Hy en sy vrou, Bridget, en hul twee seuns woon in 'n ou huis. □



Dr. Watkins

Adresse, asseblief

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u — of 'n ander Oud-Matie van wie u weet — nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul en stuur aan:

Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch, 7600

Titel en van:.....

Voorname:.....

.....

Nooiensvan:.....

Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

.....

.....

Grade en/of diplomas van ander universiteite (meld universiteit en jaartal):

.....

My ou adres vir *Matieland*: .....

.....

.....

***Matieland* moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.).**

My nuwe werkadres: .....

.....

.....

My nuwe woonadres:.....

.....

.....

Die Rektorspaar, prof. en mev. De Vries (regs), by die saamtrek op Nelspruit saam met dr. en mev. J. S. Levitan en dr. en mev. H. Meyer.

Mnr. en mev. D. J. Williams by die saamtrek op Nelspruit saam met mnr. Philip de Witt van die Universiteit se kantoor in Johannesburg.

By die Hermanus-reünie het dié groepie seker oor die intervarsities van jare gelede gesels, want mnr. Piet Retief (links) was die 1947-dirigent en mnr. T. G. (Mick) Morris (tweede van regs) in 1930 die Intervarsity-dirigent. By hulle is mnre. D. H. Deetlefs en Dolf Theron. Mnr. Retief het verlede jaar as die Universiteit se sportsekretaris afgetree en woon nou op Hermanus.

REÜNIES in die NOORDE en die SUIDE

Van Pietersburg, Louis Trichard en Nelspruit in die verre noorde tot by Hermanus in die suide het vier groepe Oud-Maties vroeër vanjaar saamtrekke gehou.

Die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, was die geleentheidspreker by twee groot saamtrekke, op Hermanus en Nelspruit.

Vir die reünie op Hermanus het mense van omliggende plekke soos Gansbaai, Bettiesbaai, Kleinmond en Stanford af gekom. Daar was sowat 200 oud-studente en vriende van die Universiteit. Ongeveer 70 mense het die saamtrek op Nelspruit bygewoon.

US se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, was die geleentheidspreker by twee kleiner saamtrekke wat vroeg in Mei op Louis Trichardt en naby Pietersburg (vir die Oud-Maties van dié dorp en Potgietersrus) gehou is.

Bo: By die reünie op Hermanus, van links af: mevv. Riana Bishop, Wilmari Coetzé, Regina Neethling, Ronelle Janse van Rensburg en Marian Loubser. Hulle was dié aand die gasvroue.

Regs: Ds. W. Alheit (wat in 1927 eerstejaar was), prof. Mike de Vries en mnr. Jan Otto du Plessis (eerstejaar, 1924) by die saamtrek op Hermanus.

Regs onder: Die rektorsvrou, mev. René de Vries, en die digter Uys Krige (wat op Onrus woon) by die saamtrek op Hermanus.

Onder: Marita van der Spuy, Saria Malherbe en Ineke McLachlan by die Hermanus-reünie.



Die Universiteitsbiblioteek se oudste kaart, wa oud is, voor Henri Wirth dit gerestoureer het (b

HY LAAT GEHAWENDE K

"Suid-Afrikaners besef nie watter kosbare skat van kunswerke, boeke, dokumente, manuskripte en ander kultuurgoedere ons in hierdie land het nie — maar deur onkunde en onverskilligheid gaan daar elke jaar derduisende rande se kuns- en kultuurbesit vir altyd verlore."

Dié waarskuwing kom van Henri Wirth, die man wat die afgelope 21 jaar in die Universiteitsbiblioteek op Stellenbosch gesorg het vir die restourasie van die US se biblioteekmateriaal en baie van sy waardevolle kunswerke.

Mnr. Wirth het einde 1964 uit Wes-Duitsland geëmigreer om in die destydse Carnegie-biblioteek te begin werk. Hy is in die Tweede Wêreldoorlog in Oos-Duitsland gebore. Ná sy deeglike opleiding in die boekbind- en restourasiekuns in Wes-Duitsland het hy daar saam met sy vader, 'n bekende kunstenaar en restourateur, gewerk.

Hy het so ingeburger geraak op Stellenbosch dat hy selfs met 'n Afrikaanse Oud-Matie, Anette Olivier ('n musiekonderwyseres), getroud is.

Die Drie Eeue-stigting in Kaapstad het hom twee keer in staat gestel om weer vir studie en opleiding Europa toe te gaan. Hy het toe onder meer in die Vatikaanbiblioteek in Rome, die nasionale sentrale biblioteek in Florence, die Britse Museum, 'n wêreldberoemde instituut vir boekrestourasie in München en 'n belangrike opleidingsinrigting vir restourateurs in Ascona, Switserland, gestudeer.

Michelangelo

In die Vatikaanstad was hy saam met nog kenners betrokke by die restourasie van Michelangelo en ander kunstenaars se werke, waarvan sommige uit die Middeleeue dateer.

In Switserland het hy 'n nuwe metode vir die restourasie van ou dokumente met behulp van sellulose-vesels ontwikkel. Hy het ook 'n nuwe metode ontwikkel vir die restourasie van ou lakseëls op boeke, en 'n veilige metode om selfkleeffoelie van ou dokumente te verwyder.

Op Stellenbosch het die beskadigde of verwaarloosde werke van kunstenaars soos Pierneef, Thomas Bains, Hugo Naudé en Maggie Loubser nuwe lewe gekry nadat dit onder Henri Wirth se vindingrykheid, vaardige vingers en "Duitse deeglikheid" deurgeloop het.

Die biblioteekmateriaal wat hy gerestoureer het, sluit die J. S. Gericke-biblioteek se waardevolle, antieke landkaarte in, waarvan die oudste uit 1672 dateer. Hy het ook vir honderde manuskripte, dokumente en boeke 'n verjongingskuur gegee.

Dié restourasiewerk is nie altyd maklik nie. Geel, verbleikte dokumente wat deur die vismotte en swamme beskadig is of skilderye met skeure moet alles "reggedokter" word.

Vir Henri Wirth is dit elke keer 'n nuwe uitdaging. Met die mikroskoop, ontleedmessies, verfkwassies, chemikalieë, verf en kleurstowwe werk hy dae en selfs maande om te herstel waar jare se vernielwerk ingetree het.



t meer as 300 jaar
o) en daarna (regs



bo). Dit was erg beskadig deur vismotte, wat aangelok is deur die gom waarmee dit op harde papier geplak was.

ULTUURGOED HERLEEF



THE ARGUS

Die resultate is verstommend. Soos met die 22 portrettekeninge, onder andere van Paul Kruger, Albert Einstein, Thomas Edison, Olive Schreiner, Mark Twain en Leo Tolstoi deur D. C. Boonzaaier, eerste spotprenttekenaar van Die Burger. Die kunstenaar het 300 sulke tekeninge van beroemde mense gemaak en deur hulle self laat onderteken. Die Universiteit het dié 22 gekry nadat die res almal in 'n brand vernietig is — maar dit was ook reeds geel, dof en deur swamme beskadig.

Henri Wirth het dit vir restourateurs in die buiteland gewys, wat gesê het dit kon nie gered word nie. Nadat hy meer as 'n jaar daaraan gewerk het, is dit nou pragtig bewaar en hang in die Gericke-biblioteek. 'n Ou Oostenrykse tegniek is hier gebruik om elke kolletjie — waarvan daar meer as 700 op sommige portrette was — te verwyder en te behandel.

Vlekke op papier word verwyder met 'n hoogs ontvlambare gas — 'n metode wat oorsee onwettig is omdat dit maklik kan ontplof. Hy het die prototipe van die apparaat hiervoor in die Britse Museum gesien en dit toe op Stellenbosch gebou. Omdat so versigtig daarmee gewerk moet word, is dit 'n uiters tydrowende proses.

"Gemors"

Seker die "ergste gemors" waarmee hy nog te doen gehad het, was tien jaar gelede toe 'n waardevolle, maar uiters beskadigde, versameling van Maggie Loubser se skilderye ná haar dood in haar motorhuis in die Strand ontdek is. Die Universiteit het al haar kunswerke geërf en Henri Wirth moes die gedeelte van die vonds wat op karton of papier geskilder was, restoureer. Dit was in strooi gepak, wat klam geword het, en die skilderye was so beskadig dat 'n mens dit skaars kon hanteer.

Swamme

Om die gehawende stukke van dié byna verlore kunsskat te herstel, het byna drie maande geneem. Die kunstenares se tegniek moes onder die mikroskoop bestudeer word, die verweerde materiaal waarop die werke geskilder was, moes aangevul word om 'n basis vir die verf te bied en verweerde of ontbrekende dele moes aangevul word.

Nadat hy kuns- of grafiese werke gerestoureer het, raam Henri Wirth dit so dat ultraviolet lig, swamme, vismotte, ensomeer nie maklik weer met hul vernietigingswerk kan voortgaan nie.

Hy betreur dit dat daar nog so min belangstelling van owerheidsweë en onder die breë publiek in Suid-Afrika bestaan vir die langtermynbewaring van ons groot kultuurbesit aan boeke, kunswerke of dokumente. Hy beywer hom nou vir die stigting van 'n belangegroep wat die neerlê van standaarde en riglyne vir bewaring in Suid-Afrika kan bevorder. In Europa en Noord-Amerika bestaan daar streng riglyne en selfs wetgewing hieroor.

Doktorsgrade

As 'n voorbeeld van hoe belangrik boek- en kunsrestourasie in Europa gereken word, vertel hy dat ses hoogs gekwalifiseerde restourateurs (twee met doktorsgrade op dié gebied) in München agtien maande lank heeltyds gewerk het aan die restourasie van 'n waardevolle, onvervangbare boek. "Die groot oorloë in Europa het die mense daar werklik bewaringsbewus gemaak.

"In Suid-Afrika het ons deur die jare derduisende kosbare kultuurgoedere — ook uit Europa — bekom, wat nog nie deur 'n oorlog bedreig is nie. Restourasie ís duur, en dit kan nie altyd in terme van geld en tyd gemeet word nie — iets wat nog nie in Suid-Afrika na behore begryp word nie." □

BRIEWE van die LESERS

Van hoek tot kant is dit louter genot

Mnr. J. H. Basson (B.Sc., 1929), Pretoria:

Hartlik dankie vir die eksemplare van *Matieland* wat ek oor die jare so gereeld en gratis ontvang.

Ek lees dit van hoek tot kant sodra dit my bereik en geniet die inhoud terdeë. Trouens, dit is 'n louter genot. Ek word egter telkens deur nostalgie oorval, veral as my herinneringe teruggevoer word na die vervloë middeltwintigerjare, toe ek ook die besondere voorreg geniet het om aan ons Alma Mater te studeer.

Wat meer spesifiek opval, is die keurige samestelling van *Matieland*. Ek kan lank oor die belangwekkende inhoud van die blad uitwei, maar wil slegs opsommend beweer dat die samestelling van "ons blad" getuig van goeie smaak, fyn aanvoeling en grondige oordeelsvermoë. "Doe zo voort."

Mag *Matieland* lank bly lewe en van krag to krag voort gaan.

Fonds gestig vir ACSV se eeufees

Ds. F. J. (Derick) Conradie, voorsitter, Afrikaanse Christen-Studentevereniging van SA, Stellenbosch:

Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika (CSV) is in 1886 op Stellenbosch gestig. Die Afrikaanse afdeling daarvan (wat in 1965 as die ACSV onafhanklik geword het) se hoofkantoor is steeds op Stellenbosch. Die hoofbestuur wil van hierdie 100-jarige feesjaar volgende jaar iets groots maak.

Hoevel die Maties in 1982 na die Studente-KJA oorgeskakel het, bly daar 'n noue verbintenis tussen die ACSV en die Universiteit. Deur die jare het die Maties 'n bapaalde karakter en inhoud aan die ACSV gegee — wat behoue gebly het.

Deur die Here se genade het die Maties m.b.v. die ACSV groot dinge tot stand gebring, soos die jaarlikse Sendingweek op die US-kampus, die meer as 600 studente wat Sondae evangeliesasiewerk vir die NG Sendingkerk help doen en die talle Matie-werkerskampe wat deur die jare in die sendingveld gehou is, Hoeveel Matie-ACSV-lede het nie mettertyd sendelinge en sendingwerkers geword nie?

Ook die Strand- en vakansiediensaksie se bydrae tot die Koninkryk van God kan nooit onderskat word nie. Dit het geweldig uitgebrei: In 1981 is 26 spanne gemobiliseer en drie jaar later 47. Die Maties speel steeds die hoofrol in dié groot ACSV-aksie.

Die hoofklem van die vereniging se werk val nou op die sekondêre skoolleerlinge. Dié werk het die afgelope paar jaar mooi gevorder en uitgebrei. Om hieraan reg te laat geskied, is 'n verbeeldingryke Ontwikkelings-trustfonds onlangs in die lewe geroep, met 'n mikpunt van R2 miljoen.

'n Raad van trustees o.l.v. vooraanstaande Christen-ekonome beheer die fonds. Die vier provinsies se Administrateurs is die hoof-beskermhere daarvan.

Alle huidige ACSV-lede se ouers word nou om 'n bydrae van R10 of meer vir die trustfonds gevra, en om elkeen nóg twee donateurs vir R10 elk te werf. Ook stadsrade, landbounies, Rapportryerskorpse, sakekamers ensomeer word om 'n bydrae van R100 elk genader.

Nou wil ons nie die Oud-Maties verbygaan nie. Is dit te veel gevra dat Oud-Maties en veral oud-ACSV-lede, wat nie reeds in bg. kategorieë val nie, ook bydraes vir die fonds sal stuur? Elke bydrae sal met groot waardering ontvang word. Dit is 'n belegging in die Koninkryk van God, en in die seuns en dogters van ons volk.

Van harte dank by voorbaat vir elke bydrae. Volhard asseblief saam met ons in die gebed vir dié trustfonds.

Bydraes kan gestuur word aan: Ontwikkelings-trustfonds, ACSV, P.s. X5024, Stellenbosch 7600.

BYDRAE VIR DRUKKOSTE

Mej. C. S. Lombard (BA, 1953), Gouda:

Ek stuur hiermee 'n klein bydrae tot die druk- en verspreidingskoste van *Matieland*. Ek geniet dit terdeë om *Matieland* te ontvang en vind dit baie interessant om gereeld ingelig te word oor gebeure op die Akker.

Baie leersaam

Mnr. Axel von Blottnitz (Landbouwetenskappe, 1954), Sandton:

Ek is baie dankbaar vir die werklik hoëklas en baie interessante en leersame blad *Matieland*.

DANKIE VIR NUUS

Mej. M. Potgieter (Arbeidsterapie, 1982), Durban:

Baie dankie vir elke pragtige *Matieland*. Dit is so lekker om nuus van daar af te ontvang.

Altyd aangenaam

Mnr. M. L. Geldenhuys, (B.Com., 1977), Kenmare, Transvaal:

Baie dankie vir die jongste uitgawe van *Matieland* wat ek onlangs ontvang het. Dit is altyd aangenaam om deur middel van u uiters puik publikasie op hoogte van sake gehou te word.

IS HÝ OP 97 DIE HEEL OUDSTE?

Ds. Sam Murray (emeritus), Jeffreysbaai:

Met belangstelling het ek gelees van dr. J. J. Ackermann, wat reeds in 1910 eerstejaar was en tans 95 jaar oud is.

Ek neem die vrymoedigheid om onder u aandag te bring dat my ou broer, ds. I. D. J. Murray van Sinoville, Pretoria, vandag (18 Julie 1985) 97 jaar oud is. Hy het eers ná dr. Ackermann aan die Victoria-kollege begin studeer, en is einde 1919 as predikant gelegitimeer.

Hy stap nog elke dag sy "2 000 treë" en doen kameroefeninge voor slaaptyd. Daarby het hy 'n besonder goeie geheue en kan nog met dag en datum vertel van gebeurtenisse uit die verre verlede.

Lede van die 1926–1928-landbouklas en die posisies wat hulle beklee het in die sestigerjare toe die foto geneem is. Van links af: Amil Adler (hoofdirekteur, voorligting en hulpdienste), Faan du Plessis (beleidsadviseur vir die Minister van Landbou), Pieter Vorster (sekretaris van Landbou-Tegniese Dienste), Izak Perold (direkteur, Winterreënstreek) en Frikkie Tomlinson (direkteur, Transvaalstreek).

NOG 'N EER VIR DIÉ LANDBOUKLAS

Dr. P. W. Vorster, Pretoria:

Ek sluit 'n donasietjie in as blyk van my dankie-sê vir *Matieland*, wat ek altyd baie interessant vind. As oud-Wilgenhoffer het ek die artikel van prof. S. W. J. van Rensburg, "Victoria College and flapdoodle," besonder geniet.

Prof. F. Tomlinson het verlede jaar in *Matieland* van die 1926-1929-landbouklas se prestasies melding gemaak. Hierdie klas het nog 'n verdere onderskeiding te beurt geval naamlik dat twee lede daarvan tot dusver die Dekorasie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident ontvang het: dr. P. W. Vorster in 1979 en prof. F. Tomlinson vanjaar. (Ek sluit 'n foto in van 'n paar lede van die klas, wat in die laat sestigerjare geneem is.)

Gedagtes gaan ver terug na ou kollegedae

Mnr. C. T. van der Merwe (Diploma, Landbou, 1919), Murraysburg:

Ek was onlangs op besoek aan Malmesbury en het toe deur Stellenbosch gery. Dit het my gedagtes laat teruggaan na die jaar 1918 toe ek een van die eeste studente was wat die Landbou-diplomakursus geneem het, die jaar wat die ou Victoria-kollege die Universiteit geword het. Mnr. Paul Sauer was een van ons klasmaats. Ek is die enigste een wat nog leef.

So goed onthou ek ook nog die Universiteitslied: "T is a fact, you know, they say . . ." ens.

Voorspoed aan ons Alma Mater.

Dis gratis vir alle Oud-Maties

Mnr. P. F. Horn (B.Sc., Landbouwetenskappe, 1971), Windhoek:

Ek hoor gister eers dat alle Oud-Maties *Matieland* sommer net kry. Al die tyd was ek onder die indruk dat slegs 'n klompie uitverkorenes daarvoor kwalifiseer.

As 'n Oud-Matie vra ek dus vriendelik om ook op die adreslys te kom. Indien enige intekengeld vereis word, beloof ek om dit gereeld te betaal.

Ek sien by 'n mede-Oud-Matie dat die eerste uitgawe vir vanjaar 'n pragtige artikel oor Matie-atlete bevat. As oud-atleet (op klein skaal) vra ek om asseblief ook dié uitgawe te kry.

Matieland *word gratis gestuur aan alle Oud-Maties oor wie se name en adresse ons beskik. Intekengeld word nie vereis nie, maar ons waardeer dit baie as lesers vrywillige bydraes stuur om met die druk- en verspreidingskoste van* Matieland *te help. — Red.* □

'n Groepie van die ouer oud-atlete by die eeufees-reünie, van links: prof. G. C. Oosthuizen, dr. Hans van der Merwe, mnre. Calie van der Merwe, Barend Blommaert en Danie Joubert, prof. H. L. Gonin, ds. H. M. de Vos en dr. J. W. Brandt.

Die vernaamste eregaste by die replika van die atletiekklub se eerste byeenkoms op die Braak was mnr. Gene Louw, Kaaplandse Administrateur, en mev. Louw, US se rektorspaar, prof. en mev. Mike de Vries, die kanselierspaar, pres. en mev. P. W. Botha, die voorsitter van die klub, mnr. Jannie Momberg, mev. Momberg en die Eikestad se burgemeester, mnr. Piet Lombard.

KLUB VIER SY EEUFEES

Die Maties se atletiekklub het vroeër vanjaar se eeufees gevier met 'n naweeksaamtrek van huidige en oud-klublede. Die hoogtepunt van die feesvieringe was 'n replika op die Stellenbosse Braak van die klub se eerste byeenkoms, wat presies 'n eeu tevore op dié terrein gehou is. Die hoof-eregaste by die byeenkoms was die US se kanselierspaar, pres. en mev. P. W. Botha. Daar was ook 'n onthaal op Coetzenburg en 'n feesdinee wat deur die Stellenbosse stadsraad aangebied is.

Die legendariese Danie Joubert, oud-Springbok wat vir baie opwinding in die Olimpiese Spele van 1932 in Los Angeles gesorg het en een van die grootste name wat die klub al opgelewer het, was onder die ouer garde by die eeufeesvieringe. Oom Danie (regs) vertel hier staaltjies uit die ou dae aan 'n klompie jong bewonderaars, Corrie Wessels, Pieter Kloppers (huidige Matie-atletiekkampioen en -klubkaptein), Bennie Stander, Suzanne Pretorius en Pieter Rossouw.

Foto's: Hoffie Hofmeister, Rapport

Mans-klubkapteins by die eeufeesvieringe was, agter, van links: Theunis Wessels, Eben Theron, Danie Joubert, Leon Louw, Danie Malan en Tom Beckett. Voor: Joepie Loots, Josef du Plessis, Pieter Kloppers en Jannie Marais.

Onder die skoner geslag by die eeufees-reünie was vier oud-kapteine van die klub, Alta Wessels, Frieda du Plessis, Brenda du Plessis en Annebie Basson.



Van die sprekers dié naweek was mnre. Gerhard Roux (heel bo), 'n oud-klubvoorsitter, wat die seremoniemeester was, en Ivor Potgieter (bo), bekende oud-afrigter.


Prof. Dreyer


Prof. Du Preez


Prof. Heyns


Prof. Park


Prof. Krzesinski

Heeltydse dekaan, vier professore

BEVORDER EN AANGESTEL

PROF. W. P. Dreyer, hoof van die Departement Mondgeneeskunde en Periodonsie, is sedert Julie heeltydse dekaan van die Fakulteit Tandheelkunde. Hy volg prof. F. X. Prins op, wat afgetree het.

Nuwe professore by die Universiteit is proff. J. J. du Preez (ortopedagogiek en buitengewone onderwys in die Departement Opvoedkundige Sielkunde), M. W. Heyns (Engels), T. Park (didaktiek) en A. E. Krzesinski (rekenaarwetenskap). Dr. H. P. Steyn van die RGN in Pretoria is van 1 Januarie 1986 as professor in die volkekunde aangestel.

Proff. W. Brown en Q. Vorster (rekeningkunde) asook W. J. Conradie en N. J. le Roux (statistiek) is nuwe mede-professore.

Nog 'n senior bevordering is dié van mnr. J. A. Grobbelaar, senior navorser in die Instituut vir Toekomsnavorsing, tot adjunk-direkteur van die instituut.

Prof. Dreyer het aan Wits gestudeer en in 1978 'n doktorsgraad in die tandheelkunde aan die US verwerf. Hy het in Johannesburg gepraktiseer en was terselfdertyd 'n deeltydse dosent aan Wits voordat hy in 1972 as senior lektor en departementshoof aan die US aangestel is. In 1975 het hy professor geword.

Prof. Du Preez het o.m. M.A. op Stellenbosch en B.Com. deur Unisa verwerf voordat hy D.Ed. in 1977 aan die US behaal het. Hy het wye ervaring as onderwyser- en skoolsielkundige opgedoen voordat hy in 1971 senior lektor in die opvoedkundige sielkunde op Stellenbosch geword het. Prof. Du Preez het verskeie buitelandse studiebesoeke gebring en onder meer kursusse daar aangebied.

Dr. Heyns het B.Com. (Regte), 'n honneursgraad in Engels (met lof) en M.A. op Stellenbosch verwerf voordat hy ook B.A. en M.A. aan Cambridge behaal het. In 1984 verwerf hy D.Litt. aan US. Hy is sedert 1968 dosent op Stellenbosch.

Prof. Park het al sy kwalifikasies insluitende M.Ed. (met lof) en D.Ed. op Stellenbosch verwerf. Hy was 'n onderwyser en departementshoof voordat hy in 1979 dosent aan die US geword het. In 1982 is hy tot senior lektor bevorder.

Prof. Krzesinski het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer voordat hy in 1971 'n doktorsgraad aan Cambridge behaal het. In 1975 word hy senior lektor op Stellenbosch en is sedert 1980 ook direkteur van die US se Instituut vir Toegepaste Rekenaarwetenskap. Hy was 'n besoekende wetenskaplike aan die Universiteit van Dortmund en vir 'n jaar by die T. J. Watson-navorsingsentrum in Yorktown Heights, VSA.

Dr. Steyn het al sy kwalifikasies op Stellenbosch verwerf, insluitende 'n meestersgraad met lof en in 1977 'n doktorsgraad. Hy was inligtingsbeampte in Owambo en etnoloog aan die SA Museum in Kaapstad asook dosent aan die Universiteit van Zoeloeland voordat hy in 1972 senior lektor aan US geword het. In Mei verlede jaar het hy senior navorsingspesialis by die RGN in Pretoria geword.

Prof. Brown het aan US en die Universiteit van Kaapstad gestudeer en in 1983 senior lektor op Stellenbosch geword. Prof. Vorster het gestudeer op Stellenbosch en in Bloemfontein en het in 1982 senior lektor op Stellenbosch geword. Nadat prof. Conradie op Stellenbosch gestudeer het, het hy in 1981 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Hy is sedert 1975 dosent op Stellenbosch.

Prof. Le Roux het aan die Universiteit van Stellenbosch B.A. en 'n honneursgraad in die sielkunde (albei met lof), asook M.Sc. in die eksperimentele sielkunde aan Cambridge behaal, waarna hy aan Unisa B.Sc., 'n honneursgraad met lof, M.Sc. en 'n doktorsgraad in die wiskundige statistiek verwerf. Hy is sedert 1966 dosent op Stellenbosch.

Mnr. Grobbelaar het aan die universiteite van Stellenbosch en Pretoria gestudeer. Hy was onder meer 'n sakeman in Zimbabwe en het vir Sanlam en die Kleurlingontwikkelingskorporasie gewerk. Sedert 1980 was hy senior navorser in die Instituut vir Toekomsnavorsing. □

Bo: Bobby Locke (tweede van links) was die eregas en gasspreker by 'n groot gholftoernooi wat die Transvaalse Oud-Matie-gholfklub vroeër vanjaar gehou het en waaraan talle bekende sport- en sakelui deelgeneem het. Hy en Dirk Swart (regs), 'n stigterslid van die klub, is hier saam met twee bekende rugbyspelers wat hulle slag op die gholfbaan gaan wys het, Piet Greyling en Naas Botha. Die gholfdag se opbrengs het 'n groot hupstoot gegee aan die Oud-Matie-gholfklub se beursfonds, waarmee enkele beurse toegeken word aan Matie-sportmanne wat ook op akademiese gebied presteer. Bo: Hennie Viljoen van Coca-Cola en Hans Gräbe van die SAUK.

Berner by US

Gerrie Berner, een van Suid-Afrika se voorste tennisafrigters, is as heeltydse afrigter by die Universiteit aangestel.

Berner is vir die individuele en groepafrigting van die Universiteit se tennisspelers verantwoordelik en bied namens die Universiteit gedurende naweke en vakansies tennisklinieke vir skoliere en ander belowende jong spelers aan.

Slegs onder die spelers wat vir minstens twee jaar leerlinge van Berner was en later gepresteer het, is die Springbokke Robbie Venter, Yvonne Vermaak, en Brigitte Cuypers, asook 'n wêreld-juniorkampioen, Schalk van der Merwe. Hy het reeds tien SA junior-enkelspelkampioene in die o. 16- en o. 18-afdelings opgelewer.

Internasionale spelers wat met hul verblyf in Suid-Afrika by hom gewerk het, is Brian Lewine en Marcelle van der Merwe.

Berner is 'n Oud-Matie, wat reeds as student in 1963 as 'n deeltydse hulpafrigter vir mnr. Vivian Bundy, tennisafrigter van die Boland, begin werk het. Van 1968 tot 1974 het hy as heeltydse afrigter in Bellville gewerk, waarna hy as tennisafrigter Johannesburg toe verhuis het. Sedert 1982 het hy weer sy eie tennisskool in Bellville. Hy konsentreer daarop om topspelers in 'n "squad"-sisteem te kweek.

Hy tree as hulpkommentator vir die Afrikaanse televisie op en het reeds verskeie kere met die uitsending van die mans-finaal vanaf Wimbledon gehelp.

Hy is as US-tennisafrigter aangestel in die plek van mnr. Philip Söderlund, wat onlangs oorlede is. □

Eiendomslui se voorsitter

Dirk Swart, Matie-agtsteman van die vyftigerjare en nou 'n bekende Pretoriase sakeman, wat tot voorsitter van die Raad vir Eiendomsagente, die spreekbuis van Suid-Afrika se nagenoeg 23 000 eiendomsagente, verkies is. Dié oud-Dagbreker het ook vir die gekombineerde Suidelike Universiteite uitgedraf, en gedurende 1959-1961 vir WP. Hy het aan verskeie reekse Springbokproewe deelgeneem.

As geesdriftige sportliefhebber spog hy met 'n gholfvoorgee van sewe en is voormalige kaptein van die Transvaalse Oud-Matie-gholfklub. Sy oudste seun, Johan, studeer regte op Stellenbosch en is ook 'n Dagbreker.



BETONPAAIE SE PROBLEME NAGEVORS

Die Nasionale Vervoerkommissie het R50 000 aan die Departement Siviele Ingenieurswese by die Universiteit toegeken om navorsing te doen oor die probleme wat met plaveisel-konstruksie, soos met die bou van betonpaaie, ondervind word.

Die toekenning is gedoen omdat die Departement al 'n geruime tyd omvattende navorsing oor plaveisel en betontegnologie doen en oor baie kundigheid op dié gebied beskik.

Prof. Gert Loedolff, leier van die navorsingsprojek, sê die navorsing vir die Nasionale Vervoerkommissie behoort binne die volgende twee jaar afgehandel te wees.

Beton neem geleidelik toe in sterkte en onder normale omstandighede word die sterkte op 28 dae ouderdom beoordeel. In werke waar groot hoeveelhede beton aaneenlopend gebruik word, soos by die bou van betonpaaie, is dit belangrik om so gou moontlik te oordeel of te bepaal of die beton wel die verwagte sterkte op 28 dae sal bereik of nie.

Die verharding van beton kan op verskeie maniere versnel word en as die versnelling nie die karakter van die beton wesenlik verander nie, is dit moontlik om die beton reeds op 'n vroeë stadium te toets en te beoordeel. Die ideaal is om die beton binne 24 uur te kan beoordeel en te voorspel wat sy sterkte op 28 dae behoort te wees, sê prof. Loedolff.

Daar is egter sekere praktiese probleme verbonde aan versnelde toetse en die vertolking van die resultate. Die opdrag aan die Departement Siviele Ingenieurswese is juis om dié probleme die hoof te bied en om 24-uur-toetse op 'n gesonde grondslag te plaas.

'n Ander probleem met plaveisels is dat daar sterk klem gelê word op die treksterkte van die beton. Versnelde toetse is tot dusver hoofsaaklik gerig op druksterkte sodat 'n newe-element van treksterkte nou bygevoeg sal moet word.



Prof. Loedolff

Die treksterkte-probleem sal self ook onder die loep geneem word en daar sal indringend gekyk word na faktore wat treksterkte direk beïnvloed en hoe hulle gehanteer moet word om beter beton en plaveisels te verseker.

Beton besit ook 'n onvermydelike eienskap van krimping. As krimping nie beheer en goed bestuur word nie, sal die beton en plaveisels kraak. Dié aspek sal ook deeglike aandag geniet en hopelik sal riglyne vir die gesonde bestuur en hantering van krimping gevind kan word. □

KOSBARE DUITSE BOEKE NA US

Mnr. F. C. (Frikkie) Rust (81) van Vredendal, wat 'n kosbare versameling Duitse boeke aan die J. S. Gericke-biblioteek geskenk het. Sowat helfte van dié 130 boeke is in leer gebind.

Hy het dekades lank daaraan versamel en sê hoewel dit hom baie na aan die hart lê, skenk hy dit "uit dankbaarheid aan my ou Universiteit, met die hoop dat hulle 'n bydrae sal lewer om die studie van die Duitse taal en letterkunde te bevorder". Hy het veertig jaar lank Duits-onderrig op skool gegee.

Mnr. Rust het in 1962 as skoolhoof op Vredendal afgetree nadat hy 36 jaar aan die hoërskool op die dorp verbonde was. Vroeër was hy nege jaar lank Duits-onderwyser op Vanrhynsdorp.

Hy het gedurende 1923–1928 op Stellenbosch gestudeer en het M.A. en H.S.O.D. verwerf. Van sy studentejare sê hy: "Ek kan met trots getuig van die vormende invloed wat my ou Alma Mater gehad het op my 'Ausbildung' as mens en onderwyser."

ATLAS HELP TEEN OLIEBESOEDELING

Suider-Afrika se kuslyn is blootgestel aan een van die wêreld se besigste roetes vir die vervoer van ru-olie. Stellenbosse kartograwe het nou ook 'n bydrae gelewer in die stryd teen kusbesoedeling.

Die Universiteit se Instituut vir Kartografiese Analise het 'n atlas geproduseer wat in die stryd teen oliebesoedeling aan die kuslyn van Suidelike Afrika kan help.

Die *Kussensitiwiteitsatlas van Suidelike Afrika* is deur die Departement van Omgewingsake se Navorsingsintituut vir Seevissery saamgestel, waarna die instituut die op Stellenbosch gekarteer het. Dit is vir die Departement van Vervoerwese gedoen — veral om in noodgevalle te help met die stryd teen oliebesoedeling aan die kus.

Suider-Afrika se kuslyn is blootgestel aan een van die wêreld se besigste seeroetes vir die vervoer van ru-olie. Ongeveer 327 miljoen ton ru-olie word jaarliks om die Kaap na Europa en Amerika vervoer. Die potensiële gevaar van oliebesoedeling is dus aansienlik.

Eers ná die Venpet-Venoil-botsing in 1977 — wat die verlies van sowat 30 000 ton olie ter see en die daaropvolgende besoedeling van strande en getymondings langs die suidkus van Suid-Afrika tot gevolg gehad het — is 'n gekoördineerde navorsingsprogram oor oliebesoedeling en die gevolge daarvan in die SA Nasionale Komitee vir Oseanografiese Navorsing se Seebesoedelingsprogram opgeneem. Dit het tot die verskyning van dié atlas gelei.

Die atlas se hoofdoel is om inligting te verskaf wanneer noodbeplanning in die geval van moontlike oliebesoedeling gedoen moet word en om besluitneming tydens 'n olieramp te vergemaklik. Vanweë die wye verskeidenheid van inligting in die atlas is dit van groot nut vir almal wat 'n belang by die bestuur van die Suider-Afrikaanse kuslyn se natuurlike bronne het.

Altesaam 34 kaarte (met 'n skaal van 1 : 250 000) is in die atlas opgeneem. Dit dek die kuslyn van die Oranjeriviermond aan die Weskus tot by Punta do Oura by die grens met Mosambiek.

Die kuslyn is in verskillende kleure gekodeer, volgens geomorfologiese eienskappe en die gevoeligheid vir oliebesoedeling. Bykomende simbole beklemtoon ander belangrike eienskappe soos getymondings, die voorkoms van voëlkolonies, die nywerheidsbenutting van seewater, kusnatuurbewaringsgebiede en ander biologiese inligting.

Besonderhede word byvoorbeeld aangegee oor watter voël-, rob- en ander spesies voorkom, watter van hulle bedreig is, watter tye van die jaar hulle meer of minder gevoelig vir oliebesoedeling is, wanneer hulle broei- of paartye is, en wanneer hulle kleintjies het.

Behalwe dié volledige omgewingsinligting by elke kaart is daar voor in die atlas aantekeninge oor hoe om dit te gebruik. Elke atlas is in albei landstale. □

Dr. Larry Zietsman (links) en mnr. Hannes van der Merwe, met die Kussensitiwiteitsatlas van Suidelike Afrika, *wat onder hulle leiding deur die Instituut vir Kartografiese Analise aan die US geproduseer is.*

ORKES MAAK VRIENDE IN EUROPA

Die Universiteit se Strykensemble het in die afgelope wintervakansie sy eerste buitelandse konsertreis onderneem en groot lof ingeoes. Die ensemble is derde gekeur in die internasionale Jeug- en Musiekfees in Wenen, Oostenryk, waarheen hulle saam met nog vyf orkeste uit Amerika, Wes-Duitsland en Swede genooi is.

Uitvoerings is ook in Italië, Spanje en Wes-Duitsland aangebied. Die groep het nêrens enige politieke teenstand gekry nie en is genooi om weer in hierdie lande en in Swede en Amerika op te tree, sê die dirigent, Eric Rycroft.

Hy sê die toer was vir elke lid van die ensemble 'n belewenis en 'n inspirasie. "Dit was die eerste keer dat die Strykensemble teen 'n internasionale groep te staan kom en saam met hulle kon optree. Dit was 'n leerskool wat beslis tot voordeel van die ensemble kan strek."

Die studente het oral waar hulle getoer het die geleentheid gebruik om belangrike musieksentra te besoek en nader kennis te maak met die geboorteplekke en agtergrondgeskiedenis van die komponiste wie se werke hulle gereeld uitvoer. In Wenen en Salzburg, asook in Wes-Duitsland, het hulle musiekuitvoerings bygewoon.

Die groep se repertorium het werke van Bach, Handel en die Stellenbosse komponis Roelof Temmingh, 'n dosent aan die US-konservatorium, ingesluit.

Vanaf hulle eerste uitvoering in Lecco, Italië, was die Stellenbossers baie gewild. Dié uitvoering is deur die Italiaanse radio en televisie uitgesaai. Veral by die musiekfees in Wenen het hulle baie vriende vir Suid-Afrika gemaak. □

Mejj. Ingrid Bredenkamp en Lana Malan, lede van die Universiteitskoor, kyk na die omslag van 'n stel langspeelplate van Johan de Villiers se laaste uitvoering as dirigent van die koor einde verlede jaar. Die twee plate kan teen R20 (posgeld en verpakking ingesluit) bestel word by die koorbestuurder, Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch 7600.

Die Strykensemble met dirigent Eric Rycroft, regs op die foto.

DRAMASTUDENTE PRESTEER MET NUWE KABARET

Die US-Dramadepartement het Hennie Aucamp se nuwe Kabaret, *Slegs vir Almal*, vroeër vanjaar met groot sukses in Pretoria, aan die Oos-Rand, in Bloemfontein, op Stellenbosch en in die Nico Malan-Arena in Kaapstad opgevoer.

Die kabaret handel oor selfsug. Nege spelers en 'n vroue-orkes van vier het daarin opgetree. Herman Pretorius, hoof van die Departement Drama by die Universiteit, het die regie behartig.

In Pretoria is die stuk as deel van die ATKV se Kampustoneelfees aangebied. Dit was 'n hoogtepunt van die fees, wat daarop gemik is om nuwe werke van Afrikaanse toneelskrywers die lig te laat sien. Dié opvoering, in die Masker-teater, was voor 'n geesdriftige gehoor — wat in ware kabaret-tradisie by tafeltjies gesit het met glasies van Stellenbosch se voortreflike wyne.

Daarna is twee uitvoerings, in Edenvale aan die Oos-Rand en in die Sterrewagteater in Bloemfontein, aangebied.

Fleurig

Op Stellenbosch was daar tien opvoerings in die H. B. Thom-teater — op die verhoog, wat ingerig is as 'n kafee met tafeltjies en fleurige tafeldoeke. 'n Speelvak van twee weke in die Nico Malan-Arena in Kaapstad is daarna aangedurf, waar die bywoningssyfer 'n hoë 73 persent was.

Die skrywer van *Slegs vir Almal*, dr. Hennie Aucamp, is hoof van die Departement Afrikaans in die Fakulteit van Opvoedkunde aan US.

Resensente het die stuk en die opvoering oral goed ontvang. In *Die Burger* het Rita Elferink dit beskryf as "'n betekenisvolle aand". Onder die opskrif "A bright, witty production" het *The Argus* se resensent gesê, "The ensemble work is slick throughout, the students taking to their work with gusto." *The Cape Times* se siening was: "Students they may be, but with such a strong script, such good music and direction, the production is as professional as ever." □

Kosbaar en seldsaam

Een van die grootste versamelings van antieke jade wat nog in Suid-Afrika saamgebring is, is met die Universiteit se Winterskool vanjaar uitgestal. Dit is van die firma Galerie de Chine in Kaapstad en 'n aantal private versamelaars geleen, en het saamgeval met 'n lesing oor "Jade, pêrels en juwele" wat in die De Beers-laboratorium vir gemmologie aangebied is. Mnr. H. S. Pienaar, dosent in gemmologie, hou hier 'n kosbare en seldsame 14e-eeuse Kueipie, *van vroeë Ming-ouderdom, vas. Dit is uit nefriet-jade geslyp, het waarskynlik as simbool van algehele heerskappy gedien en is saam met 'n vors se mummie begrawe. Die skyfvormige* pie *is as 'n simbool van die hemele beskou en die lemvormige* Kuei *het heerskappy gesimboliseer.*

VAN ONS DONATEURS

Hierdie foto's is geneem waar donateurs self hulle skenkings oorhandig het

Dr. Ron Sanderson (links), direkteur van die US-Instituut vir Polimeerwetenskap, saam met Sasol se voorsitter, dr. David de Villiers, en ondervoorsitter, dr. Andries Brink, by die instituut se Sasol-honneurslaboratorium. Sasol was een van die maatskappye wat die meeste bygedra het tot die herinrig van die instituut se nuwe gebou nadat die oue in 1982 afgebrand het.

Barclays Bank het R5 000 aan die Universiteit geskenk vir videotoerusting waarmee studie- en leeskursusse vir buitemuurse studente aangebied sal word, asook 'n videospeler vir die Departement Bedryfsekonomie. Mnr. K. van Huyssteen, die bank se assistent-hoofbestuurder (Wes-Kaapland), is hier by die Vise-rektor (studente-aangeleenthede), prof. H. W. Rossouw.

Mnr. Colin Elliot (links), 'n direkteur van Murray en Roberts, het 'n tjek vir die Stellenbosch 2000-fonds aan die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, oorhandig.

Santambank se jaarlikse tjekoorhandiging van R2 000 is deur mnr. Van Niekerk Lombard (links), Wes-Kaapse areabestuurder (befondsing), aan die US-direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, oorhandig.

Die rekenaarmaatskappy Sperry het 'n borgskaptjek van R300 000 vir die volgende vyf jaarlikse rugbykragmetings tussen die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad aan dr. Danie Craven oorhandig. Hier is die erevoorsitters van die klubs, dr. Danie Craven (tweede van links) en mnr. M. C. Marais (tweede van regs), mnre. Mike Beaton (links) en Dave Bekker, onderskeidelik bemarkingsbestuurder (suidelike universiteite) en streekverkoopbestuurder van Sperry.

Bo: Sanlam se besturende direkteur, mnr. P. Steyn (regs), het R12 500 aan die Vise-Rektor (bedryf en studente-aangeleenthede), prof. J. W. R. de Villiers geskenk. Sanlam het ook R3 000 aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek

geskenk. Regs bo is die maatskappy se streekbestuurder, mnr. Marius Strydom (links), dr. Ockie Stuart, adjunkdirekteur van die buro, en mnr. Japie Esterhuyse van die Sanlam-tak op Stellenbosch.

Drostdyhof skenk twee skilde wat jaarliks toegeken word aan die Stellenbosse mans- en vrouekoshuis wat die meeste aan sport deelneem en daarin presteer. Elke wenkoshuis kry ook 'n geldprys. Met die oorhandiging van die Drostdyhof-skilde en geldpryse aan verlede jaar se wenners, Nerina en Eendrag, is hier, van links, mnre. Butch Lochner, direkteur van sport by die Universiteit, Stefan Bothma, onderprimarius van Eendrag, en André Duvenhage, Eendrag se primarius, mej. Liffie van der Westhuizen, primaria van Nerina, en mnr Johan du Plessis, produkbestuurder van Drostdyhof. Die Drostdyhof-skilde en -pryse word toegeken vir alle sportsoorte waarvoor daar koshuisligas bestaan.

IN MEMORIAM

***Matieland* het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:**

Dr. S. Meiring Naudé (80), een van die Universiteit se mees gevierde oud-studente en -dosente. Hy was 'n baanbreker op die gebied van georganiseerde natuurwetenskaplike navorsing.

Nadat hy op 21-jarige leeftyd M.Sc. met lof op Stellenbosch verwerf, studeer hy onder Albert Einstein, Max Planck and twee ander Nobelpryswenners in Berlyn en behaal drie jaar later sy doktorsgraad in die kernfisika ook met lof. Saam met nog twee Nobelpryswenners doen hy daarna aan die Universiteit van Chicago navorsing en kry in 1932 wêreldwyd erkenning vir sy ondekking van die isotoop stikstof 15.

Terug in Suid-Afrika word hy chemiedosent in Kaapstad en op 30-jarige ouderdom professor in die fisika aan US. In sowat 'n dekade was hy as dosent op Stellenbosch verantwoordelik vir die vestiging van een van die voorste fisikadepartemente in die land.

Vanaf 1946 is hy verbonde aan die destyds pas gestigte WNNR, waar hy eers die Nasionale Fisiese Laboratorium tot stand bring, in 1950 visepresident word, en as president gedurende 1952-1971 'n sleutelrol vervul in die uitbou van dié liggaam se nasionale en internasionale aansien.

Vir sy ruim bydrae het hy talle eerbewyse gekry, waaronder die Dekorasie vir Voortreflike Diens in 1982. Sy Alma Mater se verlening van 'n eredoktorsgraad aan hom in 1962 was een van agt deur verskillende universiteite.

Prof. P. B. Zeeman (67), wat einde 1983 as professor in die fisika afgetree het. Hy het al sy akademise kwalifikasies aan US verwerf, is in 1942 as dosent aangestel en het in 1956 professor in die eksperimentele fisika geword. Hy het in die sestigerjare 'n groot aandeel in die oprigting van die Kerninstituut by Faure gehad. Dit was ook grootliks aan hom te danke dat die Universiteit se Fisika-gebou in 1960 aansienlik uitgebrei is. Vir sy toegewyde diens het hy verlede jaar 'n goue medalje van die SA Spektroskopiese Vereniging ontvang.

Mnr. Stephan Gerber (36), adjunkdirekteur van die Universiteit se Rekensentrum, is dood toe hy in 'n ou gruisgat in Bellville met sportduik besig was.

In sy matriekjaar was hy die Hoërskool Jan van Riebeek se duxleerling en was sesde op die Kaaplandse merietelys. As US-student het hy 'n briljante studieloopbaan gehad — B.Sc., honneurs en 'n M-graad met

Dr. S. Meiring Naudé

lof — en het met sy dood aan 'n doktorsgraad gewerk.

Hy was sedert 1970 in diens van die Rekensentrum, was die eerste persoon om te werk op die eerste rekenaar wat die Universiteit geïnstalleer het en was verantwoordelik vir die installering van alle bedryfsprogrammatuur aan die US.

Mnr. Philip Söderlund (53), wat die afgelope sewe jaar die Maties se tennisafrigter was, is in Junie aan kanker oorlede. Die Matie-tennisspanne (en veral die vrouespanne) het in dié tyd 'n trotse rekord gehandhaaf.

Hy het die Matie-tennisafrigting in 1978 by mnr. Jaroslav Houba (snr.) oorgeneem. In die vyftigerjare het hy saam met mnr. Houba begin om tennis-set vir kinders in die laer skole bekend te stel. Dié gedagte word nou in van die vernaamste lande ter wêreld gebruik.

Mnr. Söderlund het in Kaapstad, en vroeër ook in Natal en die Vrystaat as tennisafrigter naam gemaak. In Natal het hy 'n latere Wimbledon-vrouekampioen, Virginia Wade, afgerig.

Mnr. Nico Boonzaaier (89), een van die oudste lewende Oud-Maties, wat vanaf 1921 34 jaar lank Engels-onderwyser op Wolmaransstad was en sedert sy aftrede in 1955 by Schweizer-Reneke geboer het. Hy het BA en die destydse OI-onderwysdiploma aan die Victoria-kollege behaal. As student was hy eers 'n kamermaat van die later bekende skrywer Sangiro (A. A. Pienaar) en toe van Eitemal (prof. W. J. de P. Erlank).

Mnr. P. M. K. le Roux (80), voormalige minister van Landbou en van Binnelandse Sake, wat in die twintigerjare aan US gestudeer het. Hy was 24 jaar lank volksraadslid, vir Oudtshoorn, Victoria-Wes en Prieska. Hy het later op sy geboorteplaas by De Rust geboer en op die Wildernis afgetree.

Mnr. O. C. van Wyk (42), onderwyser aan die Paul Roos-gimnasium op Stellenbosch. Hy het BA (1965) verwerf.

Mnr. Ben Goosen (72) van Bellville, gewese hoofinspekteur van Kleurlingonderwys. Hy het B.Com. (1934), SOD (1937) en B.Ed. (1959) verwerf.

Mnr. G. J. (Deon) Jooste (45) van Pretoria, gewese direkteur van die Stigting

Simon van der Stel en 'n bekende in geskiedenis- en rugbykringe. Hy het vir SWD rugby gespeel en was 'n Noord-Transvaalse skeidsregter. Nadat hy in 1963 met SOD aan US afgestudeer het, het hy in 1972 ook MA verwerf. Hy was ook 'n dosent op Wellington en in Port Elizabeth.

Dr. A. J. A. (Ampie) Roux (70), voormalige voorsitter van die Raad op Atoomkrag en tot met sy aftrede in 1982 voorsitter van die Uraanverrykingskorporasie. Hy was een van die eerste dosente in the Fakulteit van Ingenieurswese, nadat dié in 1944 ingestel is. Dr. Roux, 'n oud-Witsie, was vir twee en 'n half jaar senior lektor in die werktuigkundige ingenieurswese op Stellenbosch.

Mnr. Gert S. le Roux (51), 'n boer en voormalige onderwyser van De Rust, is in Mei aan 'n hartaanval oorlede. Hy het gedurende 1953-1956 op Stellenbosch gestudeer en BA asook SOD verwerf.

Mnr. I. R. W. Kotze (59), wat gedurende 1945-1947 aan die US gestudeer het en 'n graad in die Landbouwetenskappe verwerf het.

Mnr. C. Nel (72) van Somerset-Oos is teen die einde van verlede jaar oorlede. Hy was 'n Matie gedurende 1928-1931 en het 'n graad in die Landbouwetenskappe verwerf.

Mnr. N. J. le Roux (86) van die Strand is teen die einde van verlede jaar oorlede. Hy was skoolhoof op Montagu en George asook van die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad; later skole-inspekteur; en daarna lid van die destydse Sensorraad en waarnemende voorsitter van die eerste Publikasieraad. Hy het B.Ed. (1922) verwerf.

Mnr. Koos Marais (85) van Pretoria, 'n oud-Wilgenhoffer (BA, 1919, en onderwysdiploma, 1921). Hy was onderwyser in Bloemfontein, waar hy later in die regte studeer en as advokaat praktiseer. In 1957 word hy 'n lid van die Loonraad in Pretoria. Ná sy aftrede werk hy by die Huurraad en tot hy byna 80 was by die Hotelraad. Sy vrou, Marie Madeleine Roux, het MA aan die US verwerf en is in 1983 oorlede.

Dr. A. S. V. (Algy) Barnes (77), sakeman en voormalige burgemeester van Parys, OVS. Hy het BA in 1928 op Stellenbosch verwerf en later 'n doktorsgraad in die opvoedkunde op Potchefstroom. Voordat hy sakeman geword het, was hy onderwyser in Natal. Hy was bekend as die skrywer van talle skoolhandboeke.

Mev. W. E. von Kleist (64) van Windhoek, wat gedurende 1937-1940 'n student aan US was, en BA en SOD verwerf het, Haar pa was prof. P. Serton, eerste professor in die geografie op Stellenbosch.

Mnr. P. A. M. van der Spuy (76), wat B.Sc. (Landbou) in 1928 verwerf het.

Mnr. A. L. (André) Horn (36) van Somerset-Wes, wat B.Sc.B.Ing. in 1973 verwerf het.



Prof. P. B. Zeeman



Mnr. Stephan Gerber



Mnr. Philip Söderlund

Ds. M. S. Louw (74) van Hartenbos, wat BA (1930) en MA (1934) verwerf het.

Mnr. Eddie du Plessis (49), 'n Kaapstadse joernalis en taalkenner, wat BA (1955) verwerf het. Hy was tot verlede jaar hoofsubredakteur van die Huisgenoot, het meer as veertig boeke in Afrikaans vertaal en was die skrywer van *Die Kennis-gids tot Moderne Afrikaans*. Hy was Russies magtig en kon ook 'n halfdosyn Europese tale praat.

Mnr. Radie Heathcote (25), wat in die liggaamlike opvoedkunde gestudeer het en verlede jaar HOD verwerf het, is by Youngsfield, Kaapstad, waar hy diensplig gedoen het, tydens 'n drafoefening dood. Hy was 'n oud-Simonsberger en our-leerling van die Paarlse Hoër Jongenskool. Hy het vir die Maties se o.20-rugbyspan gespeel.

Mnr. D. G. (Neil) Malan (76), bekende sakeman en voormalige besturende direkteur van Safmarine. Hy het BA (1928) en MA (1929) verwerf. Voorheen was hy hoofbestuurder van die Sagtevrugteraad en jare lank voorsitter van die beheerraad van die Handelsvlootakademie Generaal Botha.

Ds. Fanie Jacobs, leraar van Monte Vista, Kaapstad, wat op sy 51ste verjaarsdag aan 'n hartaanval dood is. Hy het in 1960 op Stellenbosch afgestudeer. Sy enigste broer, ds. Malan Jacobs, het in 1981 in die Laingsburg-vloedramp verdrink terwyl hy mense probeer red het.

Mnr. D. J. Potgieter (81) van die Wildernis, 'n oud-dosent aan die Universiteit en skrywer van 'n reeks grammatikaboeke vir skole. Hy was hoofredakteur van die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa (Sesa)*. Hy het BA (1923), MA (1925) en M.Ed. (1941) verwerf.

Mnr. J. H. Barnard (66) van Adelaide, wat BA (1938), MA (1940) en SOD (1941) behaal het.

Dr. D. J. Louw (81) van Bloemfontein, wat verlede jaar oorlede is. Hy het BA (1923), MA (1925) en die kandidaatseksamen in die teologie in 1928 op Stellenbosch afgelê, waarna hy ook in Amerika 'n M-graad in die teologie en 'n doktorsgraad in die sosiologie verwerf het. Hy was predikant op Citrusdal, Victoria-Wes, Montagu en Robertson, asook in Bloemfontein.

Mej. S. S. van Niekerk (19), 'n BA-student in haar tweede jaar en 'n inwoner van Serruria. Sy was 'n oud-leerling van die Hoërskool Jan van Riebeeck. Haar ouers is mnr. en mev. Izak van Niekerk van Kampsbaai.

Mnr. G. C. Marais (21), 'n B.Com.-student in sy tweede jaar, wat by sy ouerhuis in Bellville gewoon het. Hy is met die aanvang van die wintervakansie in 'n motorongeluk dood terwyl hy en drie ander Maties na Suidwes op pad was. □

• Notule
VERGADERINGS van die KONVOKASIE

Jaarvergadering, gehou in die H. B. Thom-teater op 29 November 1984

Aanwesig: Prof. G. G. Cillié (President en Voorsitter), mev. M. Agostinus, dr. C. F. Abertyn, mev. I. A. Barnard, prof. W. S. Barnard, mnr. W. J. C. Boonzaier, prof. B. Booyens, mev. J. S. Booyens, prof. A. G. Botha, dr. H. J. Brand, mnr. P. B. Bruwer, mevv. H. C. Cillié, M. S. B. Cillié, mnr. P. J. Cillié, mev. B. Cilliers, proff. S. P. Cilliers, W. T. Claassen, dr. H. F. Conradie, prof. P. J. Conradie, mnr. R. P. Conradie (Sekretaris), prof. J. J. Cruywagen, mnre. A. M. de Jager, W. A. de Jongh, J. J. de Kock, dr. L. G. de Stadler, mnre. G. J. de Swardt, I. S. de Villiers, mev. J. H. de Villiers, proff. J. L de Villiers, J. W. R. de Villiers, M. J. de Vries, mevv. R. de Vries, C. de Waal, H. W. de Wit, prof. J. L. de Wit, mnr. A. Draaijer, mevv. C. M. Dreyer , D. F. Dreyer, proff. T. P. Dreyer, S. J. du Plessis, mev. A. M. du Preez, prof. C. A. du Toit, mev. H. du Toit, prof. D. L. Ehlers, mnr. A. J. Esterhuyse, mev. C. S. Esterhuyse, dr. J. H. Esterhuyse, mnre. J. L. Fechter, W. Fox, van der Horst, prof. P. W. van der Walt, mnr. H. P. van der Westhuizen, prof. W. M. van der Westhuizen, mnr. H. T. van Huyssteen, dr. A. A. van Niekerk, prof. H. G. van Niekerk, mev. B. A. van Rooyen, mnre. J. J. van Rooyen, J. L. W. van Schoor, A. J. van Tonder, mev. D. M. J. van Vuuren, dr. J. C. J. van Vuuren, mnre. H. B. van Zyl, H. S. Visser, J. D. Visser, prof. H. P. Wassermann, mnr. H. J. Zietsman.
(Nege-en-twintig nie-lede/besoekers het ook die presensielys voltooi.)

Opening: Op versoek van die Voorsitter open dr. D. J. Hattingh die verrigtinge met 'n gebed.

Konstituering: Die Sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, ter konstituering van die vergadering.

Betuiging van meegevoel: Die Voorsitter lees die name van 'n aantal Konvokasielede wat sedert die vorige vergadering oorlede is, nl. ds. W. C. Malan, prof. E. Marais, mnr. O. Rode, mev. M. Gerdener, dr. A. Rietief, mnre. M. J. de la R. Venter, W. H. Delport, prof. H. W. Weber, dr. W. Verbeek, ds. A. M. Meiring, drr. G. C. E. Heydorn, D. Steyn, A. Bleksley, proff. W. J. du P. Erlank, Fred le Roux.

Hy wys daarop dat dit slegs 'n verteenwoordigende lys name is en versoek die vergadering om enkele oomblikke op te staan.

Notule: Die notule van die vorige vergadering van die Konvokasie, 29 November 1983, wat in *Matieland* gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

By die onthaal ná die jaarvergadering is van links af dr. Jan van der Horst, voorsitter van die US-Raad, prof. S. J. du Plessis en prof. G. G. Cillié, president van die Konvokasie.

mev. E. M. Gericke, proff. J. H. Giliomee, C. Hanekom, ds. J. W. Hanekom, dr. D. J. Hattingh, mnr. D. C. Hauptfleisch, ds. H. A. Heyns, drr. J. B. B. Heyns, N. J. Heyns, mnr. L. J. Jooste. prof. M. E. Jooste, mev. H. M. Jordaan, proff. P. G. Jordaan, D. J. Kotzé, S. Kritzinger, mnr. Z. J. Lazarus, mevv. C. W. le Roux, E. M. le Roux, mnre. F. J. le Roux, P. J. le Roux, G. P. Lochner, mev. M. J. Lochner, mnr. P. J. Lombard, ds. A. C. Loubser, mej. G. J. Louw, mnre. J. L. Louw, A. D. Lückhoff, G. H. Malherbe, G. V. Marais, mev. J. M. Marais, mnr. C. D. Marx, mej. J. M. Marx, prof. J. G. Meiring, dr. P. S. Meyer, mev. A. Müller, prof. B. A. Müller, mev. L. Müller, mnr. N. C. Müller, dr. L. M. Muntingh, mnr. L. J. Murray, mev. M. E. Murray, prof. A. Nel, mnr. G. Nieuwoudt, mev. B. E. Olivier, dr. J. P. J. Olivier, mnre. J. R. Olivier, J. C. Oosthuizen, J. J. Oosthuysen, proff. C. J. Orffer, T. Pauw, R. P. Perold, mnr. M. H. Pienaar, prof. J. W. Postma, mnr. J. C. Pretorius, mev. L. v. Z. Pretorius, prof. F. X. Prins, mev. L. Rabie, mnre. F. S. Robertson, B. Rode, prof. H. W. Rossouw, mevv. W. L. Rousseau, H. W. Schumann, prof. F. Smuts, mev. J. H. Smuts, mnr. J. F. Spies, mev. C. M. E. Squier, proff. S. J. Terreblanche, Erika Theron, mnre. L. M. Toerien, P. E. van der Gaast, mev. G. van der Horst, dr. J. G.

Geleentheidspreker: Prof. H. W. Rossouw, aangewese nuwe Vise-Rektor (Akademies), lewer 'n kort geleentheidsrede oor die universiteit as akademiese inrigting en die noodsaaklikheid dat die universiteit kritiesondersoekend hom self moet oriënteer met inagneming van sowel die "Kennis is deug"-beginsel van Socrates as die "Kennis is mag"-beginsel van sir Francis Bacon.

Die Voorsitter bedank prof. Rossouw namens die Konvokasie.

Prosedure vir Kanseliersverkiesings: Die Voorsitter van die Universiteitsraad, dr. J. G. van der Horst, lig die Konvokasie in oor die probleme wat die Universiteit ondervind met die bestaande prosedure vir die verkiesing van kanseliers, en wys daarop dat die Raad begerig is om i.v.m. die wysiginge wat hy graag in dié verband wil aanbring, met die Konvokasie oorleg te pleeg.

Ná 'n algemene bespreking waaruit blyk dat die Vergadering die wenslikheid van sekere wysigings in die prosedure onderskryf, word die volgende *voorstel aangeneem:* "Dat die Konvokasie — in die lig van die inligting wat deur die Voorsitter van die Universiteitsraad verstrek is — in beginsel akkoord gaan met die wenslikheid van wysiging van die huidige prosedure vir die benoeming van 'n kanselier en dat hy (die Konvokasie) die Raad wens te versoek om voort te gaan om moontlik gewysigde prosedures verder te ondersoek en die Konvokasie weer in die saak te ken".

Gelukwensing: Onbestrede voorstelle van *gelukwensing* aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt geval het, word deur die Sekretaris voorgelees en deur die vergadering aanvaar (die Voorsitter wys daarop dat dit bloot as verteenwoordigend van die groot getal onderskeidings gesien moet word):

(a) *Aanwysings, benoemings, verkiesings:* dr. P. W. Botha: eerste uitvoerende Staatspresident, en Kanselier van die Universiteit; D. Steyn: Minister van Mineraal- en Energiesake; E. Louw: Minister van Begroting in die nuwe Ministersraad; P. Cronjé: Adjunk-Minister van Binnelandse Sake en Nasionale Opvoeding; B. Wilkens: Adjunk-Minister van Ontwikkeling en Grondsake; dr. P. Koornhof: Voorsitter van die Presidentsraad; mnre. R. de la Bat en D. C. de Villiers, Hoofbestuur van die F.A.K.; mnr. P. B. B. Hugo: Voorsitter van die K.W.V.; mej A. Fick: Dirigent van die Universiteitskoor; mnr. L. Bartel: President van die A.H.I; prof. G. G. Cillié: Voorsitter van die F.A.K.; mnr. P. J. Lombard: Burgemeester van Stellenbosch; prof. C. G. de Vries: Voorsitter van die S.A. Vereniging vir die Bevordering van Opvoedkunde; Johan Greeff: Speaker in die nuwe Regering; adv. D. P. de Villiers: Direksie, Federale Volksbeleggings; proff. J. A. de Bruyn en H. P. Wassermann: Benoeming deur die Senaat tot Raadslede.

(b) *Aanstellings/Bevorderings:* prof. H. W. Rossouw: Vise-Rektor (Akademies) van die Universiteit; prof. A. H. van Wyk: Direkteur-Generaal van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning; mnr. J. Heunis: Hoofregsadviseur van die Staatspresident se kantoor; mnr. J. R. Olivier: Registrateur (Akademies) van die Universiteit; mnr. J. Fourie: Direkteur van Onderwys in Kaapland; dr. R. H. Venter: Direkteur-Generaal van Nasionale Opvoeding; mnr. A. van der Dussen: Adjunk-Direkteur-Generaal (Boswese); mnr. H. Wiehahn: Adjunk-Hoofbestuurder by Volkskas-Aksepbank; dr. P. D. R. van Heerden: Adjunk-President van die M.N.R.; mnr. C. H. Whitehead: Opleidingsbestuurder by die K.W.V.; mnr. E. J. L. Rossouw: Adjunk-Direkteur Landbou, in die Dept. Samewerking en Ontwikkeling; prof. C. F. Slabber: Hoof-uitvoerende Direkteur van Gesondheidsdienste en Welsyn; prof. D. J. Swiegers: U.P. se eerste Studentedekaan; dr. P. Smit: Adjunk-President van die R. G. N.; adv. D. Lombard: Regter in die Dept. Justisie van die Transkeise Regering; dr. J. B. Z. Louw: Adjunk-Direkteur-Generaal van Nasionale Opvoeding; mnr. E. du Toit: Adjunk-Prokureur-Generaal in Transvaal; mej. E. Fleischack: Adjunk-Prokureur-Generaal in Transvaal; mnr. K. Smit: Skakelbestuurder by die K.W.V.; mnr. M. Kleu: Hoof-Ekonomiese Navorser by Sanlam; mnr. W. Landman: Besturende Direkteur van B.B.D.O. (Kaap); mnr. O. Jaekel: Streeksbestuurder van Sanlam; mnr. N. van Staden: Uitvoerbemarkingsbestuurder by die K.W.V.; mnr. T. Laubscher: Besturende Direkteur van Volkskas-Versekeringsbeleggings; mnr. P. Ferreira: Besturende Direkteur van die A.H.I.; adv. J. Kriegler: Regter in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof; prof. H. P. Wassermann: Dekaan van die Fakt. Geneeskunde, U.S.; prof. J. P. du Toit: Mede-dekaan van die Fakt. Geneeskunde, U.S.; prof. S. Kritzinger: Direkteur van Navorsing, U.S; prof. N. S. Louw: Direkteur van Hospitaaldienste, Kaapland; mnr. J. Marten; Hoof-Landbou-ekonoom by die K.W.V.; mnr. H. van Vuuren: Hoofbestuurder (Staalbemarking), Yskor; mnr. K. Fisher: Openbare Skakelbestuurder by SAPPI-groep; mnr. G. L. Strydom: Assistent-Hoofbestuurder by Trust Bank; mnr. L. Faure: Senior Bestuurder by Metropolitan Homes Trust-Lewens; mnr. F. P. Kotzé: Voorsitter van Yskor; mnr. J. Moolman: Direkteur van Markontwikkeling by die Wolraad; mnr. J. Becker: Direkteur van Tegniese Dienste by die Wolraad; mnr. E. Reynierse:

Inspekteur van Onderwys in Vryburg se omgang; mnr. H. van Dyk: Pensioenbestuurder van Sanlam; dr. U. Malherbe: Kapelaan by die S.A. Vroue-leërkollege op George; mnr. D. Oosthuizen: Provinsiale Bestuurder van Sanlam; mnr. W. Hancke: Hoofbestuurder van Sake-Ontwikkeling van Bankkorp; mnr. L. van Jaarsveld: Besturende Direkteur van Sanek; mnr. L. Fourie: Direkteur van Administrasie van die A.H.I.; mnr. J. Kotzé: Senior Streekbestuurder by Sanlam; mnr. C. Kok: Adjunk-Direkteur by die N.I.W.W.; mnr. E. P. Louw: Besturende Direkteur, Santam-Trust; mnr. C. Stassen: Hoofbestuurder van Langeberg-Koöperasie; Adv. T. Louw: Prokureur-Generaal van S.W.A.; mnr. C. Theron: Bestuurder van Gehaltebeheer by die K.W.V.; dr. J. Deist: Direkteur van die N.I.W.W.; mnre. L. M. Toerien en D. E. van Niekerk: Assistent-Registrateurs (Akad.); mev. L. Barry: Skoolhoof, Hoër Meisieskool Bloemhof; mnr. G. van der Spuy: Skoolhoof, Hoërskool Franschhoek; mnr. J. M. du Preez: Skoolhoof, Hoërskool Hertzogville; mnr. J. H. Galloway: Rektor, Paul Roos-Gimnasium, Stellenbosch; Deeltydse dekane vir 1985: proff. H. J. Erasmus (Regsgeleerdheid), W. D. Jonker (Teologie), H. F. Vermaas (Bosbou), J. C. Kotzé (Krygskunde).

(c) *Toekennings/Eerbewyse:* prof. P. B. Zeeman: die AR-LABS-goue medalje as uitstaande spektroskopis; mej. L. J. Redelinghuys: die S.A. Verpleegkundige Vereniging se goue medalje vir die Verloskunde-Diplomakursus; prof. T. Pauw: die R. W. Bowen-medalje vir voortreflike diens aan die saak van die blindes; Akademietoekennings: proff. W. P. Esterhuyse en J. J. Degenaar (Stals-prys vir Wysbegeerte), P. J. Cillié (D. F. Malan-medalje), I. J. van der Merwe (Stals-prys vir Aardrykskunde), F. C. Fensham (Totiusprys vir Teologie en Bybelse Tale); mnr. B. van Wyk: Junior Kaptein Scott-medalje; mej. K. Meyer: Mattie Jooste-prys vir prestasie in Huishoudkunde; drr. D. P. de Villiers, H. C. Lambrechts en P. A. Weber: Dekorasie vir Voortreflike Diens; dr. A. du Toit: Frans du Toit-medalje vir Bedryfsleiding; mnr. J. van Deventer: Eerste wenner van die P. E. Rousseau-toekenning; dr. C. A. van der Merwe: Landboukundige van die Jaar; dr. E. H. Kemm: Goue medalje van SALU vir navorsing oor die voeding van varke; prof. T. Pauw, dr. L. Rive, prof. P. J. Cillié: Verkies tot Universiteitsraad; proff. W. Kempen, E. P. Groenewald, P. A. Verhoef en ds. G. van der Merwe: erepenning van die F.A.K. vir besondere kultuurprestasie as lid van die eindredaksie van die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel; mnr. A. J. M. de Vries, drr. C. Kapp, P. H. Spies, B. R. Slabbert, F. C. de Beer: Professorale status, Univ. Stellenbosch; prof. Erika Theron, J. C. Heunis en dr . J. C van der Horst: Eregrade.

Spesiale vergadering gehou in die H. B. Thom-teater op 14 Maart 1985

Aanwesig: prof. G. G. Cillié (President en Voorsitter), mnre. D. v.d. M. Benade, G. Boonstra, prof. B. Booyens, mev. H. Cillié, proff. P. J. Cillié, S. P. Cilliers, A. Coetsee, P. J. Conradie, mnr. R. P. Conradie, prof. J. A. de Bruyn, mev. M. J. de Bruyn, mnre. A. M. de Jager, G. J. de Swardt, proff. J. W. R. de Villiers, P. C. de Villiers, P. G. J. de Vos, M. J. de Vries, mev. R. de Vries, proff. T. P. Dreyer, S. J. du Plessis, mnr. A. J. Esterhuyse, ds. J. W. Hanekom, dr. D. J. Hattingh, prof. M. E. Jooste, mnr P. J. Lombard, dr. P. S. Meyer, prof. A. Nel, mnre. G. Nieuwoudt, J. R. Olivier, J. J. Oosthuysen, mev. H. B. Pauw, prof. T. Pauw, mnr. F. S. Robertson, proff. H. W. Rossouw, G. M. K. Schüler; D. E. W. Schumann, mev. G. van der Horst, dr. J. G. van der Horst, mnr. A. J. van Tonder, prof. H. C. Viljoen.

Opening: Op versoek van die Voorsitter *open* dr. D. J. Hattingh die vergadering met 'n gebed. Die Voorsitter heet alle aanwesiges welkom.

Konstituering: Die Sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, ter konstituering van die vergadering.

Notule: Die Voorsitter reël, met die verlof van die vergadering, dat *geen notule* sal dien nie, aangesien dit 'n spesiale vergadering is.

Verkiesingsprosedure van Kanselier: Op versoek van die Voorsitter lig dr. J. G. van der Horst, Voorsitter van die Universiteitsraad, die vergadering in oor die agtergrond van die sentrale agendapunt, nl. die verkiesingsprosedure van die Kanselier van die Universiteit.

Ná 'n indringende bespreking van die hele aangeleentheid besluit die vergadering:

1. Om 'n addisionele amp vir die Konvokasie in te stel, t.w. dié van *Vise-president.*
2. Om akkoord te gaan met die voorgestelde wetswysiging wat die termyn van die Kanselier wysig van onbepaald na een van vyf jaar, met 'n moontlike herbenoeming vir een termyn van nog vyf jaar.
3. Om die voorgestelde nuwe prosedure vir die verkiesing van 'n Kanselier goed te keur, nl.

"(a) Die Konvokasie word soos in die verlede deur die Sekretaris versoek om die name van geskikte kandidate voor te lê, dog nie by wyse van individuele kennisgewings aan Konvokasielede soos tans nie maar alleenlik deur middel van kennisgewings in die *Staatskoerant* en in die openbare pers.

(b) Die getal Konvokasielede wat elke nominasie moet onderteken, word van vier na twintig verhoog.

(c) Daar word nie langer voorgeskryf dat 'n genomineerde skriftelik of andersins by sy nominasie moet aandui dat hy hom dit laat welgeval nie.

(d) Die naam/name van die kandidaat/kandidate word deur die Sekretaris van die Konvokasie vir 'n finale beslissing voorgelê aan 'n kieskollege wat soos volg saamgestel is: (i) Die Universiteitsraad; (ii) Die Uitvoerende Komitee van die Senaat; (iii) Die President en (te benoemde) Vise-president van die Konvokasie."

Die Voorsitter wys daarop dat *een teenstem* teen dié nuwe prosedure per brief uitgebring is.

Op 'n wenk van prof. S. J. du Plessis *besluit* die vergadering dat ter wille van die groot getal lede van die Konvokasie wat nie in die posisie was om die motivering van die Voorsitter van die Raad vir die nuwe prosedure aan te hoor nie, die nodige agtergrondinligting in *Matieland* verstrek sal word.

• Lees ook die berig op bl. 36 □

Die Konvokasie se 1985-jaarvergadering is op 27 November in die H. B. Thom-teater. Dit begin om 19h30. Daarna word 'n onthaal vir konvokasielede in die Langenhoven-studentesentrum aangebied.

MJ

ONS NAAM IS SINONIEM MET GEHALTE

Ná 45 jaar in die meubelsbedryf kan ons nou meer as ooit tevore die beste produk en produktekennis bied. Alle meubels word gemaak volgens persoonlike smaak. Indien u, wat gehalte betref, daardie bietjie ekstra in u meubels verlang, hoef u nie verder te soek nie. 'n Meubelstuk van Meyer en Ferreira is 'n bate. Dit sal deur die jare in waarde vermeerder. Meyer en Ferreira is 'n finansiële sukses wat van krag tot krag gaan ondanks die ekonomiese laagtepunt wat tans ondervind word. 'n Groot voorraad goed gedroogde stinkhout, geelhout, swarthout en embuia is te alle tye beskikbaar. Die meeste bestellings word binne sowat vier weke uitgevoer. Hoewel ons 'n meubelfabriek is, bied ons ses maande vir kontant.

VOORSIENERS VAN KANTOORMEUBELS



MEYER & FERREIRA (PTY) LTD.

MAKERS OF FINE FURNITURE

FOON 97-6911 – POSBUS 206, BELLVILLE 7530 – BRIDGEWEG, STIKLAND, KAAP

KANSELIER VOORTAAN SO GEKIES

Die Wet op die Universiteit van Stellenbosch is vroeër vanjaar gewysig om vir 'n nuwe prosedure van verkiesing van die US-Kanselier voorsiening te maak. Voortaan sal die Kanselier ook nie vir 'n onbepaalde ampstermyn verkies word nie, maar vir vyf jaar met 'n moontlike herbenoeming van nog 'n termyn van vyf jaar.

Die Regering het die wet gewysig ná 'n aanbeveling deur die Universiteitsraad, wat eers die Konvokasie hierin geken het.

Die wysiging bring mee dat die Kanselier voortaan nie deur die lede van die Konvokasie (d.w.s. die korps van Oud-Maties) gekies word nie maar deur 'n kieskollege. Dié sal saamgestel word uit die US-Raad, die uitvoerende komitee van die US-Senaat asook die President en Vise-president van die Konvokasie. Laasgenoemde is 'n nuwe amp wat op versoek van die Konvokasie ingevolge die voorgestelde wetswysiging ingestel kan word.

Soos in die verlede sal die konvokasielede deur die sekretaris van dié liggaam gevra word om kandidate te benoem. Dit sal egter nie deur individuele kennisgewings aan konvokasielede gedoen word nie, maar deur kennisgewings in die Staatskoerant en die openbare pers.

Elke nominasie moet volgens die voorstel deur 20 konvokasielede, i.p.v. vier soos voorheen, onderteken word.

In November verlede jaar het die Raad by monde van sy voorsitter, dr. J. G. van der Horst, voorstelle oor 'n gewysigde manier van verkiesing van die Kanselier en oor die duur van dié persoon se ampstermyn aan die jaarvergadering van die Konvokasie voorgelê.

In beginsel het daardie vergadering akkoord gegaan met die wenslikheid om die manier waarop die Kanselier gekies word, asook die duur van sy termyn te wysig. Die Raad is toe versoek om gewysigde prosedures te ondersoek en die Konvokasie weer in dié saak te ken.

In Maart vanjaar het 'n spesiale vergadering van die Konvokasie die aangeleentheid weer bespreek en bogenoemde wysigingsvoorstelle aan die Raad aanbeveel.

In sy motivering dat 'n gewysigde verkiesingsprosedure gevind moes word, het dr. Van der Horst namens die Raad op die Konvokasie-jaarvergadering in November daarop gewys dat die huidige prosedure dateer uit 1918 met Universiteitswording, toe daar slegs 580 konvokasielede was. Daar is nou sowat 28 000 lede geregistreer.

Slegs by die universiteite van Kaapstad, Pretoria en die Witwatersrand word die kanselier deur die konvokasie gekies — en slegs by UK vir 'n onbepaalde termyn. By alle ander SA universiteite kies die raad (en in een geval, Natal, die raad én senaat) die kanselier.

Verder is daarop gewys dat die Konvokasie ses lede in die Raad verkies — die grootste enkele verteenwoordiging. Boonop is die meeste van die Raad se lede gewoonlik ook Konvokasielede — tans 20 van die 21 raadslede.

Die Konvokasie is 'n groot liggaam, sonder bestuur of organisasie. □

Oud-Matie 96

Ná 'n berig in die vorige uitgawe van *Matieland* oor dr. J. J. Ackerman (95) van Pretoria wat toe, sover bekend, die oudste lewende Oud-Matie was, het ons verneem van 'n Strandse Oud-Matie wat nog 'n paar maande ouer is. (Lees ook die brief oor ds. I. D. J. Murray (97) van Pretoria op bl. 21.)

Mnr. en mev. Van Niekerk.

Hy het meer as 70 jaar gelede op Stellenbosch afgestudeer en is minstens vyf keer so oud as die meeste huidige Matie-eerstejaars. Dít is die 96-jarige mnr. Dirk van Niekerk van die Strand. Hy is in September 1889 op Tulbagh gebore, was 'n eerstejaar-Matie in 1910 en het (ná 'n jaar se onderbreking van sy studies) in 1913 met hoofvakke fisika en toegepaste wiskunde afgestudeer.

Onder sy Matie-tydgenote was oud-Springbok dr. Jan Stegmann, wat verlede jaar oorlede is, en wyle dr. S. H. Rossouw, skoonpa van die US-Kanselier, pres. P. W. Botha. As onderwyser op Senekal het mnr. Van Niekerk later vir die kanseliersvrou, mev. Elize Botha, skoolgehou. Ná meer as twee dekades in die onderwys het hy by Orkney geboer. Later het hy lank naby Bloemfontein gebly, waar hy 'n suksesvolle boer en sakeman was. Die afgelope vier jaar bly hy in die Strand.

Hy is bedlêend maar sy verstand is baie helder. Uit sy eerste huwelik was daar ses kinders. Hy het 31 kleinkinders en meer as 70 nakomelinge. Ná sy eerste vrou se dood is hy getroud met 'n weduwee, mev. Claudia Reynecke, nou self in die 80, maar nog baie op en wakker.

Pick 'n Pay

hypermarket

BRACKENFELL TEL. 9012121

"Stellenbosch staan vir 'n idee." D. F. Malan



Pick 'n Pay staan ook vir 'n idee.

Pick 'n Pay Hypermarkets staan vir die ontwikkeling van die talente van sy mense, die bied van gelyke geleenthede en die bou van vervullende loopbane. Daardeur word 'n standvastige toekoms vir al sy werknemers geskep. So lewer die maatskappy ook sý bydrae tot die realisering van ons land se menslike potensiaal en kreatiwiteit.

YOUNG & RUBICAM-HEDLEY BYRNE 14167



Opvoeding hoef nooit tot stilstand te kom nie.

Vir sommige mense is opvoeding bloot 'n middel tot 'n doel. Vir ander weer is dit 'n vorm van voortdurende selfverbetering wat hulle groot bevrediging gee. So moet dit dan ook wees. Want die mens se gemoed behoort steeds oop en wakker te wees, gretig vir meer indrukke, nuwe belewenisse en groter kennis... enigiets van moderne danse tot erdewerk tot hoër akademiese geleerdheid.

As u dié gesonde houding teenoor leerdery het, kan u gerus na die NBS kom. Dan werk ons 'n leerbespaarplan vir u kinders – en vir u – uit!

Nommer Pas Opvoedingsbeplanning

As u opvoeding verlang wat nommer pas vir u behoeftes is, kan u gerus by u naaste NBS-tak 'n draai maak. Indien u dit onmoontlik vind, moet u asb. dié koepon invul en ons sal met u in aanraking kom. **Stuur aan: NBS Nommer Pas Geldbeplanning, Posbus 1526, Durban 4000.**

Naam .....

Adres .....

Kode .....

Tel.: (Kantoor) .....(Huis) .....

Kom nou in en kry jou skyfie.

NBS

Nommer Pas Geldbeplanning

Bates Wells ● 12800/a